



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOMKAMPUS

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



VOORGRAADSE PROGRAMME

# **JAARBOEK 2016**

FAKULTEIT EKONOMIESE EN  
BESTUURSWETENSAPPE  
VOORGRAADSE PROGRAMME  
**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan:

Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
Potchefstroom  
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: [http://www.nwu.ac.za/webfm\\_send/57625](http://www.nwu.ac.za/webfm_send/57625)

**Let Wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

## Inhoudsopgawe

<b>E.1</b>	<b>FAKULTEITSREÛLS .....</b>	<b>1</b>
E.1.1	GESAG VAN DIE A-REÛLS .....	1
E.1.2	EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID .....	1
E.1.3	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT .....	2
E.1.4	KAPASITEITSBEPALINGS .....	2
E.1.5	ERKENNING EN VRYSTELLING VAN MODULES .....	2
E.1.6	REGISTRASIE .....	3
E.1.6.1	Registrasie vir bykomende modules .....	3
E.1.7	DUUR VAN STUDIE .....	3
E.1.8	ONDERWYSERSOPLEIDING .....	3
E.1.9	EKSAMINERING .....	4
E.1.9.1	Eksamengeleenthede .....	4
E.1.9.2	Samestelling van die deelnamepunt .....	4
E.1.9.3	Toelating tot die eksamen .....	4
E.1.9.4	Modulepunt .....	4
E.1.9.5	Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum .....	4
E.1.9.6	Insae in vraestelle .....	4
E.1.9.7	Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes .....	5
E.1.9.8	Terminering van studie .....	5
E.1.10	MODULES OM GRAAD TE VOLTOOI .....	5
E.1.10.1	Enkele modules om 'n graad te voltooi: .....	5
E.1.10.2	Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat. ....	5
E.1.11	VERWERWING VAN 'N TWEDE GRAAD .....	6
E.1.12	SKOLE EN NAVORSINGSSENTITEITE IN DIE FAKULTEIT .....	6
<b>E.2</b>	<b>KWALIFIKASIES,                      PROGRAMME                      EN</b> <b>KURRIKULUMS .....</b>	<b>7</b>
E.2.1	LYS VAN KWALIFIKASIES EN PROGRAMME .....	8
E.2.2	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM) .....	10
E.2.2.1	Duur (minimum en maksimum duur) .....	10
E.2.2.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie .....	10
E.2.2.3	Fakulteit-spesifieke toelatingsvereistes .....	11
E.2.3	LYS VAN MODULES VIR 2015 .....	12

<b>E.3</b>	<b>KURRIKULUMS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM) .....</b>	<b>19</b>
E.3.1	UITKOMSTE VAN 'n BCOM-GRAAD .....	19
E.3.2	ARTIKULASIE .....	20
E.3.3	<b>KURRIKULUMS VAN PROGRAMME IN DIE VERSKILLENDE SKOLE .....</b>	<b>20</b>
E.3.3.1	SKOOL VIR EKONOMIE .....	21
E.3.3.2	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR .....	29
E.3.3.3	SKOOL VIR MENSEHULPBRONWETENSKAPPE .....	38
E.3.3.4	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE .....	43
<b>E.4</b>	<b>MODULE-UITKOMSTE – VOORGRAADS .....</b>	<b>51</b>
E.4.1	<b>SKOOL VIR EKONOMIE .....</b>	<b>51</b>
E.4.1.1	MODULES .....	51
E.4.1.2	MODULE-UITKOMSTE: .....	52
E.4.2	<b>SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR .....</b>	<b>66</b>
E.4.2.1	ONDERNEMINGSBESTUUR .....	66
E.4.2.2	TOERISMEBESTUUR .....	73
E.4.2.3	VERSTAAN DIE WêRELD (SAKE-ETIEK) .....	77
E.4.3	<b>SKOOL VIR MENSEHULPBRONWETENSKAPPE .....</b>	<b>79</b>
E.4.3.1	BEDRYFSIELKUNDE .....	79
E.4.3.2	ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR .....	85
E.4.4	<b>SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE .....</b>	<b>88</b>
E.4.4.1	BELASTING .....	88
E.4.4.2	BESTUURSREKENINGKUNDE .....	92
E.4.4.3	FINANSIËLE REKENINGKUNDE .....	95
E.4.4.4	GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSMODULES .....	99
E.4.4.5	HANDELSREG .....	101
E.4.4.6	OUDITKUNDE .....	102
E.4.4.7	ONDERSTEUNENDE MODULES .....	105
E.4.4.8	FORENSIESE REKENINGKUNDE .....	108
E.4.5	<b>ENKELE DIENSMODULES VIR DIE FAKULTEIT (VIR INLIGTING OOR ANDER MODULES KYK IN DAARDIE BETROKKE FAKULTEIT SE JAARBOEK) .....</b>	<b>111</b>
E.4.5.1	MODULES .....	111
<b>E.5</b>	<b>LYS VAN KWALIFIKASIES EN PROGRAMME .....</b>	<b>115</b>

## **AMPSDRAERS**

**DEKAAN:** Prof SS Visser

**NAVORSINGSEENHEID** vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:

**WORKWELL:** Prof J Pienaar

**NAVORSINGSEENHEID** vir Toerisme Navorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing:

**TREES:** Prof M Saayman

**FOKUSAREA** vir Handel en Ontwikkeling: **TRADE.** Prof W Viviers

## **DIREKTEURE VAN SKOLE EN PROGRAMLEIERS:**

### **SKOOL VIR EKONOMIE**

**Direkteur:** Prof WF Krugell

**Program: Internasionale Handel:** Prof M Mathee

**Program: Risikobestuur:** Prof A Heymans

**Program: Ekonomie:** Dr PMS van Heerden

### **SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR**

**Direkteur:** Prof LR Jansen van Rensburg

**Program: Entrepreneurskap:** Prof J Kroon

**Program: Bemaking:** Prof E van Tonder

**Program: Toerismebestuur:** Prof E Slabbert

### **SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE**

**Direkteur:** Prof JC Visagie

**Program: Arbeidsverhoudinge:** Prof HM Linde

**Program: Bedryfsielkunde:** Mnr G Rabie

### **SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE**

**Direkteur:** Prof J van Romburgh

**Program vir Belasting:** Mnr H van Dyk

**Program vir Bestuursrekenmeestersopleiding (CIMA):** Mnr A Burger

**Program vir Finansiële Rekenmeestersopleiding (SAIPA):** Prof DP Schutte

**Program vir Forensiese Rekenmeestersopleiding:** Mnr A van Zyl

**Program vir Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (GR):** Prof N van der Merwe

## **POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL**

**Direkteur:** Prof TE du Plessis

**Program: MBA Opleiding:** Prof RA Lotriet

**Program: Studieskole & Bemarking:** Prof CA Bisschoff

**Program: Nagraadse Diploma in Bestuur:** Me R Scholtz

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Prof SJ van der Merwe

## **FAKULTEITSRAAD**

Dekaan: Visser, SS (voorsitter)	Pienaar, J
Andrianatos, A	Rabie, G
Burger, A	Raubenheimer, H
Buys, PW	Saayman, M
Du Plessis, TE	Schutte, DP
Du Toit, T	Slabbert, E
Heymans, A	Snyman, L
Jackson, LTB	Stander, AL
Jansen van Rensburg, LR	Van der Merwe, N
Jorgensen, L	Van der Merwe, SJ (sekretaris)
Kroon, J	Van Dyk, H
Krugell, WF	Van Heerden, PMS
Le Roux, T	Van Romburgh, J
Linde, B	Van Tonder, E
Linde, HM	Van Zyl, A
Mathee, M	Visagie, JC
Moss, H	Viviers, W
	ASV-voorsitter

## **E.1 FAKULTEITSREËLS**

### **E.1.1 GESAG VAN DIE A-REËLS**

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad by [http://www.nwu.ac.za/webfm\\_send/57625](http://www.nwu.ac.za/webfm_send/57625)

### **E.1.2 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID**

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111/AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druipe en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druipe, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings van AGLA/E121.



- f) AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te kan slaag.
- g) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- h) Studente wat reeds 'n module [s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgeleë het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die **Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk** aansoek om erkenning daarvan doen.

### **E.1.3 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: [http://www.nwu.ac.za/webfm\\_send/24677](http://www.nwu.ac.za/webfm_send/24677)

### **E.1.4 KAPASITEITSBEPALINGS**

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

### **E.1.5 ERKENNING EN VRYSTELLING VAN MODULES**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigkurrikulums by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigkurrikulums te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uitree-uitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar. Die proses vir die erkenning van vorige leer is in Algemene reël A.2.3.2 gestel.

### **E.1.6 REGISTRASIE**

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n student deurloop het om as student van die Universiteit te registreer (Algemene reëls A.1.3 en A.2.3.1).

#### **E.1.6.1 Registrasie vir bykomende modules**

'n Student kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalinge in Algemene reëls A.2.3.4. Studente in die fakulteit word beperk tot 'n maksimum van 96 krediete per semester.

### **E.1.7 DUUR VAN STUDIE**

Die minimum duur van die studie vir 'n BCom-graad is drie jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad vier jaar.

### **E.1.8 ONDERWYSERSOPLEIDING**

Kurrikulums wat oor die vereiste aantal krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke voldoen, verleen toelating tot die eenjarige Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS). Dit is 'n akademiese, professionele sertifikaat wat op die opleiding van onderwysers vir die intermediêre, en/of senior en verdere onderwys en opleidingsfase gerig is.

Toelatingsvereistes vir NGOS:

- a) 'n Eerste universiteitsgraad met 150 krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke, of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal tot 360 krediete op NKR-vlak 5 optel en wat minstens 150 krediete in erkende leerareas en/of skoolvakke insluit.
- b) Die graadsamestelling moet van so 'n aard wees dat die student minstens twee vakdidaktieke kan neem. (Raadpleeg die Jaarboek van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe oor die vakdidaktieke wat aangebied word en die voorvereistes wat vir elke vakdidaktiek geld.)
- c) 'n Student wat nog nie sy/haar graad verwerf het nie, kan onder sekere omstandighede toegelaat word om vir die NGOS in te skryf en om die ontbrekende kursuseenhede vir sy/haar graad gelyktydig met die NGOS-studie te volg. Spesiale toestemming moet by die betrokke fakulteite verkry word.
- d) Vir (NGOS): word ACCS111, 121 tans nie aanvaar as 'n eenjaar-skoolhouvak nie, maar wél ACCE111, 121. Die BMAN-modules en die bg. BMAR-module gesamentlik word wél as 'n driejaar-skoolhouvak beskou in E361P. In dieselfde kurrikulum word LARM en IOPS gesamentlik tot op derdejaarlvlak as genoegsaam beskou vir die neem van die Metodiek van Lewensoriëntering.

## **E.1.9 EKSAMINERING**

### **E.1.9.1 Eksamengeleenthede**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.2.4.4

### **E.1.9.2 Samestelling van die deelnamepunt**

- a) Die deelnamepunt vir 'n module (Algemene reël A.2.4.2) word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk.
- b) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die verskillende modules se studiegidse.

### **E.1.9.3 Toelating tot die eksamen**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.2.4.2).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die **studiegids** vir die betrokke module uiteengesit is.
- c) Vir modules waarvoor 'n deelnamepunt opgebou is, geld 'n deelnamepunt van 35% vir eerstevlak-modules in die eerste semester as toelatingsvereiste tot die eksamen in die betrokke module. 'n Deelnamepunt van 40% word vir eerstevlak-modules in die tweede semester en tweede- en derdejaarsvlak modules vereis.

### **E.1.9.4 Modulepunt**

Die modulepunt word bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangedui is by die module-uitkomste en/of in die betrokke studiegids (sien E.4).

### **E.1.9.5 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum**

- a) Die bepaling van Algemene reëls A.2.4.3 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (A-reël 2.4.3.3). Van die modules in ander fakulteite soos byvoorbeeld in die Fakulteit Regte is die JURI/IURI-modules se subminimum 45%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen/s geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) Indien 'n student wat vir die eerste keer by die Universiteit geregistreer is, en in die eerste semester gesak het, maar 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal het, kan die skooldirekteur 'n slaagpunt van 50% in daardie module toeken.
- e) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag.
- f) 'n Student slaag 'n module met onderskeiding mits 'n modulepunt van 75% behaal is en 'n student slaag die BCom-graad met onderskeiding mits 'n gemiddelde punt van die kernmodules oor al drie jaarvlakke van 75% behaal is, binne die minimum studietydperk (verwys A2.5.2).

### **E.1.9.6 Insae in vraestelle**

Studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan insae in sy/haar eie antwoordstelsel van eksamens binne vier dae nadat punte

besikbaar is, verkry. Die vasstelling van die spesifieke datum en tyd van elke module, die prosedure hoe elke dosent sy/haar module hanteer ten opsigte van beskikbaarstelling van antwoordstelle, die riglyne van 'n memorandum, hernasien van sekere gedeeltes van die antwoordstelle en moontlike wysiging van punte word in die module se studiegids beskryf. (verwys A.2.4.9)

#### **E.1.9.7      Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes**

- a) 'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien die student reeds voldoen het aan die voorgeskrewe voorvereiste soos in die lys van modules voorgestel word.
- b) Algemene reël A.2.3.4 bepaal die hoeveelheid krediete van bykomende modules in 'n volgende semester waarvoor 'n student mag registreer met of sonder die toestemming van die dekaan.

#### **E.1.9.8      Terminering van studie**

Die studie van 'n student kan getermineer word (Algemene reël A.2.4.8:

- a) wanneer 'n student die maksimum duur van die studie oorskry; en reeds twee waarskuwings ontvang het
- b) wanneer 'n student in twee opeenvolgende jare nie minstens die helfte van die krediete wat vir die twee studiejare voorgeskryf is, verwerf het nie.

#### **E.1.10      MODULES OM GRAAD TE VOLTOOI**

##### **E.1.10.1      Enkele modules om 'n graad te voltooi:**

Om die programuitkomste van 'n kurrikulum op hierdie kampus te bereik, is dit nie moontlik om derdevlakmodules deur 'n ander instelling, soos UNISA, te neem om die graad hier te voltooi nie. Indien een of meer derdevlakmodules gekort word om 'n graad te voltooi, moet 'n student voltyds terugkom om die modules te slaag of daar kan in sommige gevalle klasvrystelling (met spesifieke voorwaardes) gereël word met die betrokke dosent. Klasvrystelling kan alleen gegee word indien die module reeds vantevore geneem is, toelating tot die eksamen verkry is, maar die eksamen nie geslaag is nie. Klasvrystelling sal hoogstens eenkeer toegestaan word (indien dit dan nie geslaag word nie, moet dit weer voltyds geneem word).

'n Maksimum van twee modules kan op tweedevlak deur 'n ander instelling soos UNISA geneem word om 'n graad te voltooi, mits dit die enigste modules is wat gekort word om die graad in daardie jaar te voltooi.

Die inleidende modules op eerstevlak het groter oorvleueling en die ekwivalent kan erken word indien dit nodig is om die graad te voltooi.

##### **E.1.10.2      Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat.**

Studente wat na 'n minimum van vyf jaar hul graad wil kom voltooi, sal onderhewig wees aan die volgende riglyne:

- Indien ongeveer 50% modules kortkom om die graad te voltooi, moet die hele tweede- en derdejaar voltooi word, plus die uitstaande eerstejaarsvakke.
- Indien ongeveer 50% van die derdejaarsmodules kortkom, sal die volledige derdejaar voltooi moet word.
- Indien net een en hoogstens drie modules kort om 'n graad te voltooi, moet minstens die kernmodules op derde-vlak ook weer voltooi word.

### E.1.11

## VERWERWING VAN 'N TWEDE GRAAD

'n Maksimum van 50% van die krediete van 'n voltooide kwalifikasie kan oorgedra word na 'n ander kwalifikasie, op voorwaarde dat nie meer as 50% van die krediete wat vir die ander kwalifikasie benodig word, krediete was wat nodig was om die ander kwalifikasie te voltooi nie. Die doel hiervan is om te voorkom dat verskeie kwalifikasies gegee word vir dieselfde werk wat onderneem word en om te verseker dat kwalifikasie met verskillende doeleindes nie met mekaar vermeng word nie. Hierdie reël kan onder sekere voorwaardes en beperkings ook gebruik word om module-erkenning te gee van krediete van voltooide kwalifikasie by 'n ander Instelling as erkenning van modules vir 'n kwalifikasie by hierdie Instelling.

### E.1.12

## SKOLE EN NAVORSINGSENTITEITE IN DIE FAKULTEIT

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bestaan uit **vyf skole**. Elke skool word deur 'n **direkteur** bestuur. In elke skool is daar verskillende **programme** met **programmeiers**. Die skole is veral verantwoordelik vir die **onderrig** van voorgraadse en nagraadse programme.

Die onderskeie skole en programme is die volgende:

Skool	Programme
Potchefstroom Besigheidsskool	MBA-opleiding Studieskole Nagraadse Diploma in Bestuur
Skool vir Mensehulpbron-wetenskappe	Mensehulpbronbestuur Bedryfsielkunde en Arbeidverhoudinge-bestuur
Skool vir Ekonomie	Ekonomie en Internasionale Handel Ekonomie en Risikobestuur Ekonomie, Risiko- en Beleggingsbestuur Landbou-ekonomie en Risikobestuur
Skool vir Ondernemingsbestuur	Bemarking Entrepreneurskap Toerismebestuur Verstaan die Ekonomiese Wêreld en Bedryfsetiek
Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe	Bestuursrekenmeestersopleiding Finansiële Rekenmeesterskap-opleiding Forensiese Rekenmeesterskap-opleiding Geotrooieerde Rekenmeesterskap-opleiding

Navorsing in die Fakulteit word bestuur deur die direkteure van die **Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: Workwell** en **(TREES)** en 'n **Fokusarea (TRADE)**.

Navorsingseenheid en fokusarea	Program
WorkWell	Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
TREES	Navorsingseenheid vir Toerisme Navorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing.
TRADE	Fokusarea vir Handel en Ontwikkeling

Daar word ook navorsing gedoen saam met ander navorsingsfokusareas/eenhede (soos byvoorbeeld dié vir Bedryfswiskunde (BW)).

## E.2 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan verskillende **kwalifikasies** op **voor-** en **nagraadse vlak** verwerf word. Dié wat op **voorgaadse vlak** verwerf kan word, staan bekend as die **Baccalaureus Commercii (BCom)-graad**, waarvan al die kurrikulums slegs op voltydse basis aangebied word. Hierdie **BCom-grade** word **in verskillende programme (kurrikulums)** aangebied. Elke program het 'n **vaste kurrikulum**, wat weer saamgestel is **uit relevante modules (onderafdelings van vakke)**. Elke module beskik oor 'n **unieke kode**, dra 'n sekere **kredietwaarde**, beskik oor 'n **beskrywende naam** en word **kortliks beskryf** onder die hoof van "**Module-uitkomste**" (sien E.4).

Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums word in hierdie Jaarboek uiteengesit. Vir administratiewe doeleindes word die **verskillende programme/kurrikulums** onder die verskillende skole (waarin dit primêr aangebied word) ingedeel en elkeen word van 'n **unieke kwalifikasiekode** voorsien. Die volledige besonderhede van en die reëls vir die verskillende **nagraadse** kwalifikasies, programme en kurrikulums verskyn in 'n **aparte** Nagraadse Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

'n Voornemende student moet eers besluit watter kwalifikasie hy of sy wil verwerf, waarna die betrokke program/kurrikulum gekies word.

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die volgende grade toe te ken:

## E.2.1

## LYS VAN KWALIFIKASIES EN PROGRAMME

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>Kwalifikasie</b>	<b>Programme</b>	<b>Kwalifikasie- en Kurrikulumkode</b>	<b>Metode van Aflewering</b>	<b>NKR vlak</b>
<b>SKOOL VIR EKONOMIE</b>				
Baccalaureus Commercii (BCom)	Ekonomie en Internasionale Handel	500130: E340P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Ekonomie en Risikobestuur	500132: E341P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Ekonomie, Risikobestuur en Beleggingsbestuur	500134: E342P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Ekonomiese Wetenskappe (Landbou-ekonomie en Risikobestuur	516100 E301P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Ekonomie en Informatika	500135: E343P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Regte	500183: R302P	Voltyds	7
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Ekonomie	504126: E644P	(Voltyds)	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Internasionale Handel	504127: E645P	(Voltyds)	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Risikobestuur	504128: E646P	(Voltyds)	8
<b>SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR</b>				
Baccalaureus Commercii (BCom)	Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur	500142: E350P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Kommunikasiebestuur	500145: E353P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Bemarkingsbestuur	500203: E354P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Toerismebestuur	500141: E355P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Toerismebestuur en Rekreasiekunde	500171: E356P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Bemarkings- en Toerismebestuur	500182: E357P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Regte	500183: R302P	Voltyds	7

Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Entrepreneurskap en Bemaking	504130: E654P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Toerismebestuur	504131: E655P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. BA)	Toerismebestuur	102153: E654P	Voltyds	8
<b>SKOOL VIR MENSEHULPBRONWETENSKAPPE</b>				
Baccalaureus Commercii (BCom)	Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudingebestuur	500153: E360P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Mensehulpbronbestuur	500151: E361P	Voltyds	7
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Bedryfsielkunde	504120: E660P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. BA)	Bedryfsielkunde	102150: E661P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Mensehulpbronbestuur	504121: E662P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. BA)	Mensehulpbronbestuur	102151: E664P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Arbeidsverhoudingebestuur	504122: E665P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons. BA)	Arbeidsverhoudingebestuur	102152: E629P	Voltyds/ Deeltyds	8
<b>SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE</b>				
Baccalaureus Commercii (BCom)	Forensiese Rekenmeesterskap.	500 181: E370P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Forensiese Rekenmeesterskap. (vanaf 2013)	500 181: E379P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Geoktrooieerde Rekenmeesterskap	500155: E371P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Finansiële Rekenmeesterskap	500156: E 372P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Bestuursrekenmeesterskap	500158: E373P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Rekeningkunde en Informatika	500162: E374P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	Regte	500183: R302P	Voltyds	7



Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Geotrooieerde Rekenmeesterskap	504123: E630P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Finansiële Rekenmeesterskap	504124: E635P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Bestuursrekenmeesterskap	504125: E636P	Voltyds/ Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons. BCom)	Forensiese Rekenmeesterskap	504132: E637P	Voltyds	8

## **E.2.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM)**

### **E.2.2.1 Duur (minimum en maksimum duur)**

Die minimum duur van die studie vir 'n BCom-graad is drie jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad is vier jaar.

### **E.2.2.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie**

Die bepaling van die APS (Akademiese prestasieskaal):

NSS beoordelingswaarde	APS-telling
8 (90-100%)	8
7 (80-89%)	7
6 (70-79%)	6
5 (60-69%)	5
4 (50-59%)	4
3 (40-49%)	3
2 (30-39%)	2
1 (0-29%)	1

Die prestasie behaal in 6 vakke word gebruik om die APS-telling te bereken. (Vier aangewysde vakke en twee NSS-vakke). Lewensoriëntering (LO) word nie in berekening gebring nie. Die taal van leer en onderrig (huistaal of eerste addisionele taalvak) moet minstens 'n slaagsyfer van (50-59%) (vlak 4) wees.

### E.2.2.3

### Fakulteit-spesifieke toelatingsvereistes

Die volgende vereistes geld vir die verskillende BCom-kwalifikasies:

<b>Kwalifikasie</b>	<b>APS</b>	<b>Wiskunde vlak</b>
Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur (500142: E350P)	24	3 (40-49%)
Toerismebestuur (500141: E355P)	24	3 (40-49%)
Toerismebestuur en Rekreasiekunde (500171: E356P)	24	3 (40-49%)
Bemarkingsbestuur (500203: E354P)	24	3 (40-49%)
Bemarkings- en Toerismebestuur (500182: E357P)	24	3 (40-49%)
Kommunikasiebestuur (500145: E353P)	24	3 (40-49%)
Mensehulpbronbestuur (500151: E361P)	24	3 (40-49%)
Bedryfsielkunde en Arbeidsverhoudinge (500153: E360P)	24	3 (40-49%)
Ekonomie en Internasionale Handel (500130: E340P)	24	4 (50-59%)
Ekonomie en Risikobestuur (500132: E341P)	28	4 (50-59%)
Ekonomie, Risiko- en Beleggingsbestuur (500134: E342P)	28	5(60-69%)
Landbou-ekonomie en Risikobestuur (516100: E301P)	28	5(60-69%)
Ekonomie en Informatika (500135: E343P)	28	4 (50-59%)
Rekeningkunde en Informatika (500162: E374P)	28	4 (50-59%)
Finansiële Rekenmeesterskap (SAIPA) (500156: E372P)	28	4 (50-59%)
Regte (500183: R302P)	30	4 (50-59%) & Taal-vereiste Vlak 4.
Bestuursrekenmeesterskap (CIMA) (500158: E373P)	30	5(60-69%)
Geoktrooieerde Rekenmeesterskap vir CA(SA) (500155: E371P)	30	5(60-69%)
Forensiese Rekenmeesterskap (500181: E379P)	36	5(60-69%) & Taal-vereiste Vlak 5

- Studente wat nie Rekeningkunde as skoolvak gehad het nie, word aanbeveel om vir 'n rekeningkunde voorbereidingskursus aan die begin van sy of haar studies te registreer. Indien die kursus met 75% geslaag word, word aanbeveel dat die student vir ACCC111 in die eerste semester registreer. Studente wat tussen 50% en 75% vir die kursus gehaal het, word aanbeveel om vir ACCF111 te registreer. Studente wat minder as 50% vir die kursus behaal

word aanbeveel om vir ACCS111 te registreer. Studente wat wel Rekeningkunde as skoolvak gehad het mag ook vir die voorbereidingskursus registreer om hulself beter vir universiteitsrekeningkunde voor te berei. Let wel dat prestasie in hierdie voorbereidingskursus egter in alle gevalle ondergeskik bly aan die toelatingsvereistes in die tabel hierbo Die Programleier vir Geoktrooieerde Rekenmeesterskap kan vir verdere inligting gekontak word.

- Indien 'n student 65% aan die einde van die eerste semester in ACCF111 behaal, mag die student tot ACCC121 in die tweede semester toegelaat word. As 'n student 65% behaal in ACCF121, mag hy/sy die tweede eksamengeleentheid van ACCC121 gaan skryf en indien 55% behaal word, mag toelating tot die tweedejaars GR-Rekeningkunde (ACCC271) verkry word.

## E.2.3 LYS VAN MODULES VIR 2016

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr
ACCC111	Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening.	Wiskunde gr 12 vlak 5 (60-69%)	16
ACCC121	Rekeningkunde vir verskillende entiteite	ACCC 111 of ACCF 111(65%)	16
ACCC271	Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde en inleiding tot IFRS en Groepstate	ACCC121 (55%) of ACCF121 (65%) en ACCC121 (55%) in die tweede eksamengeleentheid	32
ACCC371	Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde (insluitend groepstate) en IFRS	ACCC271 (55%)	32
ACCF111	Finansiële rekeningkunde: basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening	Wiskunde gr 12 vlak 4 (50-59%)	16
ACCF121	Finansiële rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, en maatskappye	ACCF/ACCC111 (40%)	16
ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16
ACCF311	Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en inleiding tot IFRS	ACCF211, 221 of ACCC271	16
ACCF321	Finansiële Rekeningkunde: IFRS	ACCF311 (40%) of ACCC371 (40%)	16
ACCS111	Finansiële rekeningkunde (Spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels.		16

ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state.	ACCS111 (40%)	16
ACMP311	Rekenaartoeappings in Rekenmeesterskap		12
AECM111	Inleiding tot Landbou-ekonomie		12
AECM223	Boerderyrekordhouding en Finansies		8
AECM314	Plaasbestuur en Beplanning	AECM111	8
AECM321	Grondhulpbron en Omgewingsekonomie	AECM111	16
AECM322	Landbouproduksie ekonomie	AECM111	16
AECM415	Landboubesigheidsbestuur	AECM111	16
AECP223	Landboubemaking		16
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA121	Akademiese Geletterdheid		12
AUDF211	Finansiële Ouditkunde – Inleiding tot die auditproses	ACCF111,121 of ACCC111,121	12
AUDF221	Finansiële Ouditkunde – Toepassing van auditbeginsels	AUDF211(40%)	12
AUDF311	Finansiële Ouditkunde – Korporatiewe beheer en etiese beginsels	AUDF211, 221	12
AUDF321	Finansiële Ouditkunde – Die auditproses en die toepassing van oudittegnieke	AUDF211, 221	16
AUDT211	Ouditkunde: Die Ouditeur en die Ouditproses	ACCC111, 121	12
AUDT221	Ouditkunde: Toepassings en Rekenaarouditering	AUDT211 (40%)	12
AUDT371	Ouditkunde: Oudit proses- en Maatskappyregtoepassings	AUDT211, 221	24
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN121	Algemene Bestuur		12
BMAN211	Inleiding tot Bemakingsbestuur		16
BMAN212	Entrepreneuriese Vaardighede		16
BMAN221	Aankoop- en Voorsieningskettingbestuur		16
BMAN222	Entrepreneuriese Geleentheid	BMAN111	16
BMAN311	Finansiële Bestuur		16
BMAN312	Entrepreneurskap		16
BMAN321	Strategiese Bestuur		16
BMAR211	Dienste Bemaking		16
BMAR221	Verbruikersgedrag		16
BMAR311	Produkbesluite		16

BMAR312	Prys- en Distribusiebesluite		16
BMAR321	Bemarkingsnavorsing		16
BMAR322	Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie (GIBK)		16
ECON111	Inleiding tot Ekonomie		12
ECON121	Basiese Makro- en Mikro-ekonomie		12
ECON211	Makro-ekonomie	ECON121 & WISN112/123 (40%)	16
ECON221	Mikro-ekonomie	ECON121 & WISN112/123 (40%)	16
ECON311	Monetêre en Fiskale Beleid		16
ECON321	Ekonomiese Analise		16
ECON322	Ontwikkelingsekonomie		16
EKIP211	Internasionale Handelsbetrekkinge		16
EKIP221	Internasionale Handelsfinansiering en -betaling		16
EKIP311	Internasionale Handelsgeografie		16
EKIP321	Internasionale Besigheidskommunikasie		16
EKRP211	Inleiding tot Risikobestuur		16
EKRP221	Beleggingsbestuur		16
EKRP311	Bankrisikobestuur		16
EKRP321	Finansiële Markte	WISN111/112/123	16
FINM221	Finansiële bestuur: Inleiding	ACCF121 of ACCC121 (40%) en WISN112	16
FINM321	Finansiële bestuur: Besluitneming en waardasies	FINM221	16
FORP111	Forensiese Rekeningkunde		16
FORP121	Forensiese Rekeningkunde	FORP111	16
FORP213	Forensiese Rekeningkunde	FORP111,121	16
FORP223	Forensiese Rekeningkunde	FORP213	16
FORP312	Forensiese Rekeningkunde en Onderzoek	FORP213,223	16
FORP322	Forensiese Rekeningkunde en Onderzoek	FORP312	16
FREB111	Sakefrans vir beginners 1		12
FREB121	Sakefrans vir beginners 2		12
GERB111	Sake-Duits Elementêr 1		12
GERB121	Sake-Duits Elementêr 2	GERB111	12
HRMA122	Die funksies van Mensehulpbronbestuur		12

IOPS111	Inleiding tot die Bedryfsielkunde		12
IOPS121	Beroepsgesondheid en Ergonomika		12
IOPS211	Personeelsielkunde		16
IOPS221	Loopbaansielkunde		16
IOPS311	Organisasiesielkunde		16
IOPS321	Psigometrie en Navorsingsmetodologie		16
IURI 111	Personereg		12
IURI 171	Inleiding tot die Reg		16
IURI 173	Familiereg		16
IURI 211	Strafreg: Algemene Beginsels		12
IURI 121	Inheemse Reg		12
IURI 221	Strafreg: Besondere Misdade		12
IURI 172	Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg		16
IURI 271	Strafprosesreg		16
IURI 272	Sakereg		16
IURI 174	Taalvaardigheid in Regskonteks I		16
IURI 213	Regsinterpretasie		12
IURI 311	Ondernemingsreg		12
IURI 412	Inleiding tot die Regsfilosofie		12
IURI 222	Arbeidsreg		12
IURI 223	Fundamentele Regte		12
IURI 273	Deliktereg		16
IURI 373	Kontraktereg		16
IURI 274	Taalvaardigheid in Regskonteks II		16
ITRW112	Inleiding tot Rekenaars en Programmering		12
ITRW123	Grafiese koppelvlakprogrammering I	ITRW112	12
ITRW211	Grafiese koppelvlakprogrammering II	ITRW123	8
ITRW213	Stelselontleding I	ITRW123	16
ITRW214	Besluitsteunstelsels I	WSN111/112/123	16
ITRW225	Stelselontleding en -ontwerp II	ITRW213	16
ITRW311	Databasisse I	ITRW225	16
ITRW321	Databasisse II	ITRW311	16
KCOM111	Inleiding tot Massakommunikasie		12
KCOM112	Inleiding tot Kommunikasiekontekste		12
KCOM121	Inleiding tot Joernalistiek		12

KCOM122	Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie		12
KCOM211	Publisering (DTP)	KCOM121	16
KCOM213	Korporatiewe Kommunikasie: Verhoudingsbestuur		16
KCOM229	Mediabeleid, -etiek en -reg	KCOM111	12
KCOM222	Interkulturele en internasionale Kommunikasie		16
KCOM316	Korporatiewe media: Webontwikkeling	KCOM211	16
KCOM317	Video: tegnologie en beeldestetika		16
KCOM318	Kommunikasie vir sosiale verandering		16
KCOM321	Navorsingsmetodologie		16
KCOM322	Ontwikkelings- en Politieke Kommunikasie		16
KCOM326	Geïntegreerde Korporatiewe Media	KCOM211,316	16
KCOM327	Video: Voorproduksie		16
KCOM329	Kommunikasiebestuur: Plan		16
KCOM371	Media- en korporatiewe skryfwerk	KCOM121	16
LARM111	Inleiding tot Werksplekverhoudinge		12
LARM211	Beroepsbestuur		16
LARM221	Werkgroepsdinamika		16
LARM311	Teorie en Praktyk van Arbeidsverhoudinge		16
LARM321	Bestuur van Arbeidsverhoudinge		16
LARM322	Konflikbestuur		16
MACC211	Bestuursrekeningkunde: Kostebegrippe, Elemente en -Stelsels	ACCS111, 121 of ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16
MACC221	Bestuursrekeningkunde: Kostegedrag en Besluitnemingstegnieke	MACC211 (40%)	16
MACC311	Bestuursrekeningkunde: Beplanning en Beheer	MACC211, 221	16
MLAW111	Inleiding tot Kontrakte en Besigheidsreg		12
MLAW121	Handelsreg: Besigheidsvorme		12
MLAW211	Handelsreg: Gevorderde Maatskappyereg	MLAW121	12
PETH211	Professionele Etiek vir Rekenmeesters		12
PSDT111	Ontwikkeling van Professionele Vaardighede		12
PSYC121	Sosiale en gemeenskap-psigologie		12
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC212	Persoonlikheidspsigologie		16

PSYC221	Positiewe psigologie		16
PSYC311	Psigopatologie		16
PSYC321	Basiese hulpverlening en etiese gedrag		16
RKKX114	Inleiding tot rekreasie as 'n Pofessie		12
RKKX126	Rekreasie aktiwiteitsleierskap		12
RKKX214	Rekreasieleierskap		16
RKKX224	Toegepaste Rekreasiepraktyk		16
RKKX314	Professionele kwessies in Rekreasiekunde		16
RKKX315	Vryetydsfasilitering		16
RKKX324	Vryetydsprogrammering		16
RKKX325	Rekreasiebestuur		16
STRA321	Strategie, risikobestuur en beheer	ACCC271 of ACCF211,221	12
STTN115	Beskrywende statistiek en inferensie		12
STTN125	Inleidende waarskynlikheidsteorie	STTN115&WISN111	12
STTN122	Inleidende Statistiek		12
STTN111	Beskrywende statistiek		12
STTN124	Praktiese Statistiek	STTN111/122	12
STTK214	Statistiek vir Lewenswetenskappe	STTN122/WISN123	16
STTN215	Waarskynlikheidsleer en steekproefteorie	STTN125, WISN121	16
TAXC211	Inleiding tot inkomstebelasting van maatskappye en BTW	ACCC111, 121	12
TAXC221	Inleiding tot Inkomstebelasting van individue en Boedelbereddering	TAXC211(40%)	12
TAXC371	Belastingtoepassings	ACCC271 en TAXC221(40%)	32
TAXF211	Belasting: Inleiding tot belasting van maatskappye	ACCF/ACCC111, ACCF/ACCC121	12
TAXF221	Belasting: Inleiding tot Inkomstebelasting op Individue	TAXF211(40%)	12
TAXF311	Belasting: Belasting van Individue en Ondernemings	ACCF211, 221 of ACCC271 / TAXF/TAXC221	16
TAXF321	Belasting: Maatskappybelasting, Trusts en Ander	TAXF311 (40%) of TAXC311 (40%)	16
TMBP111	Inleiding tot Toerismebestuur		12
TMBP121	Gasvryheidsbestuur		12
TMBP211	Toegepaste Toerismebestuur	BMAN121	16



TMBP221	Toerismebemaking		16
TMBP311	Volhoubare Ekotoerismebestuur		16
TMBP312	Inleiding tot Gebeurtenisbestuur (keusemodule)		16
TMBP321	Wildplaasbestuur	TMBP311 (40%)	16
TMBP322	Toegepaste Gebeurtenisbestuur (keusemodule)	TMBP312 (40%)	16
VHTB311	Gasvryheidsbestuur: Voedsel en Drank & Voedseldiensbestuur		16
WISN111	Inleidende Algebra en Analise I	Wiskunde gr12 vlak 5	12
WISN121	Inleidende Algebra en Analise II	WISN111	12
WISN112	Gevorderde Wiskundige tegnieke	Wiskunde gr12 vlak 4	12
WISN123	Wiskundige tegnieke vir Finansies	Wiskunde gr12 (vlak 3)	12
WVES221	Verstaan die ekonomiese wêreld		12
WVES311	Bedryfsetiek		12

## **E.3 KURRIKULUMS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM)**

### **E.3.1 UITKOMSTE VAN 'n BCOM-GRAAD**

Die algemene uitkomst van die BCom-kwalifikasie is die volgende:

- a) Om studente te bemagtig met graadvlak-kennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.
- b) Om Suid-Afrika van gegradueerdes te voorsien wat bevoeg is in een of meer van die volgende spesialisasievelde: Ekonomie, Internasionale Handel, Risikobestuur, Ondernemingsbestuur, Entrepreneurskap, Toerisme, Rekeningkunde, Rekenaarwetenskap en Informatika, Mensehulpbronontwikkeling, Arbeidsverhoudinge, Regte, Kommunikasiebestuur, Sportbestuur en Bedryfsetiek.
- c) Om die student by te staan en in staat te stel om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, om krities en innoverend te dink en om 'n grondslag te lê vir verdere spesialisasie.

a) Benewens die algemene uitkomst van die kwalifikasie, is die inhoud só gestruktureer dat bepaalde uittreelakuitkomste (waarby kritieke uitkomste ingesluit is) bereik kan word. 'n BCom-gegradueerde sal in staat wees om:

- a) 'n Diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los.
- b) Op grond van sy/haar kennis van multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los.
- c) Geleenthede te identifiseer en te skep en die entrepreneuriese proses te begryp.
- d) Effektief as 'n individu en in span- en organisasieverband op te tree ten einde die geleentheid te skep om as 'n leier in 'n multidissiplinêre omgewing te ontwikkel.
- e) Met selfdissipline, integriteit en toewyding sy/haar aktiwiteite op 'n verantwoordelike en doeltreffende wyse te organiseer en te bestuur ten einde die verlangde doelwitte te bereik.
- f) Ekonomiese en ondernemingsbestuurskennis in te samel, te ontleed, te organiseer, krities te evalueer en toe te pas.
- g) Ekonomiese en besigheidsinligting doeltreffend te ontgin en te kommunikeer deur van gepaste inligtingstechnologie gebruik te maak.
- h) Verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander mense te openbaar deur die doeltreffende en kritiese gebruik van wetenskap en tegnologie.

- i) Lewenslange leer te beoefen deur die vestiging van 'n aktiewe belangstelling in die dinamiek van die ekonomiese en besigheidsomgewing.
- j) Begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.
- k) Lewensbeskouings krities te beoordeel.
- l) Respek te ontwikkel vir die waardestelsel van hierdie Universiteit.
- m) As 'n verantwoordelike burger te kan deelneem op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.
- n) Sensitief te kan wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.
- o) Opvoedkundige en loopbaangeleenthede te ontgin.

### **E.3.2**

#### **ARTIKULASIE**

- a) Op vertikale vlak artikuleer die BCom-kwalifikasie met die geskiktheid om aansoek te doen om toelating tot NKR vlak 8-kwalifikasies, spesifiek die Honneurskwalifikasies binne die student se gekose spesialisdisipline.
- b) Die BCom-kwalifikasie berei die gegradueerde voor vir 'n loopbaan in die plaaslike en internasionale ekonomiese en besigheidsomgewing.
- c) Die BCom-kwalifikasie kan aan die student toegang verleen tot verwante studie aan ander instellings vir hoër onderwys.
- d) Artikulasie met ander tersiêre instellings is moontlik op grond van toepaslike uitreevlakuitkomst wat bereik is.

### **E.3.3**

#### **KURRIKULUMS VAN PROGRAMME IN DIE VERSKILLENDE SKOLE**

**OPMERKING:** Kernmodules (Hoofvakke) word telkens met 'n (H) daarnaas aangedui.

**E.3.3.1 SKOOL VIR EKONOMIE**

**E.3.3.1.1 500130: E340P BCOM EKONOMIE en INTERNASIONALE HANDEL**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ACCS/ACCF111	16	BMAN211 (H)	16	BMAN311 (H)	16
BMAN111 (H)	12	BMAR211	16	ECON311 (H)	16
ECON111 (H)	12	ECON211 (H)	16	EKIP311 (H)	16
ITRW112	12	EKIP211 (H)	16	EKRP211	16
<p><b>Module-uitkomste:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Demonstreer 'n verstandhouding van die teorie agter natuurlike hulpbron en omgewingsbestuur</li> <li>• Toepassing van ekonomiese instrumente om hulpbron gebruik en omgewingskwessies te analiseer</li> <li>• Bespreek die interverwantskap tussen die omgewing, ekonomiese groei en beleid op die omgewing</li> <li>• Bespreek omgewingsprobleme wat ondervind word in Suid-Afrika</li> </ul> <p>Spesifieke leeruitkomstes:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Demonstreer 'n verstandhouding van die teorie van hulpbron ekonomie.</li> <li>• Gebruik ekonomiese instrumente om omgewingskwessies te analiseer en verduidelik</li> <li>• Om die verwantskap tussen omgewings en ekonomiese kwessies te ondersoek en 'n volhoubare hulpbronbestuur strategie te ontwikkel</li> </ul> <p>Om nuutste verwickelinge en neigings van natuurlike hulpbron gebruik te beskryf in Suid-Afrika</p>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds kontak		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Klastoetse, take, toetse en eksaminering sal gebruik word in die assessering van die module</li> <li>• Tydens die assessering sal die volgende kennis getoets word:</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Teorie rakende hulpbronbestuur</li> <li>○ Toepassing van instrumente soos koste-voordeel analise en waardasie metodes</li> <li>○ Identifiseer natuurlike hulpbron verdeling en bestuurspraktyke in Suid-Afrika</li> </ul>		
<b>Module kode: AECM322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak 7</b>
<b>Titel: Landbouproduksie Ekonomie</b>		
<p><b>Module-uitkomste:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Optimering van produksiefunksies in die raamwerk van beperkte hulpbronne</li> <li>● Om advies aan primêre produsente te verskaf rakende die effektiewe gebruik van hulpbronne</li> <li>● Om die volhoubare gebruik van hulpbronne te fasiliteer uit 'n ekonomiese oogpunt</li> </ul> <p>Spesifieke leernoutkomste:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Bepaal die kondisies waar kapitaal, arbeid, land en bestuurshulpbronne mees effektief gebruik word in die produksie van landbou kommoditeite:</li> <li>● Bepaal die vlak van huidige gebruik asook die deviasie van die optimum gebruik daarvan</li> <li>● Analiseer die faktore wat huidige gebruik van hulpbronne beïnvloed</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds kontak		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Klastoetse, take, toetse en eksaminering sal gebruik word in die assessering van die module</li> <li>● Demonstreer 'n verstandhouding t.o.v. die beginsels en teorieë van produksie ekonomie en die toepassing daarvan</li> <li>● Om relevante literatuur oor produksie ekonomiese probleme op te spoor en praktiese antwoorde deur analise te bekom</li> </ul>		
<b>Module kode: AECM415</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak 8</b>
<b>Titel: Landboubesigheidsbestuur</b>		
<p><b>Module-uitkomste:</b></p> <p>Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder toegerus wees met die nodige vaardighede om produksie, finansiering, bemaking en menslike hulpbronbestuur begrippe te kan toepas in die landboubesigheidsomgewing</p> <p>Spesifieke leernoutkomste sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Demonstreer begrip rakende die omvang, funksies en take van 'n landboubesigheid</li> <li>● Wend finansiële konsepte en beginsels aan in die landboubesigheidsomgewing</li> <li>● Demonstreer begrip oor verskillende organisasies en produkte wat die omgewing waarbinne die landboubesigheid moet funksioneer kan beïnvloed</li> <li>● Bestuur risiko's van die landboubesigheid</li> <li>● Pas menslike hulpbronbestuur beginsels toe</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds kontak		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Klastoetse, semestertake, toetse en eksaminering sal gebruik word in die assessering van die module</li> <li>● Die student moet: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ kwantitatiewe analise kan toepas tot die finansiële posisie van die landboubesigheid</li> <li>○ menslike hulpbronbestuur, produksiebestuur en risikobestuur vaardighede kan toepas in 'n landboubesigheid omgewing</li> </ul> </li> </ul>		

<b>Module kode: AACP223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak 5</b>
<b>Titel: Landbou bemarking</b>		
<p><b>Module-uitkomste:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>•Die student sal landbou bemarking en risikobestuur beginsels in praktyk kan toepas</li> <li>•Die student sal die rol van landbou bemarking en risikobestuur in Suid-Afrika en in die res van die wêreld verstaan</li> <li>•Die student sal verskillend toepassings in landbou bemarking en risikobestuur bemeester onder verskeie omstandighede</li> </ul> <p><b>Spesifieke leeruitkomstes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verduidelik die omvang en rol van die markstelsel</li> <li>• Verduidelik die impak van omgewingsfaktore op bemarkingsaktiwiteite</li> <li>• Verstaan die belangrikste bemarkingskonsepte wat bemarking fasiliteer</li> <li>• Verstaan die probleme wat ondervind word deur primêre produsente t.o.v. bemarking</li> <li>• Identifiseer die tipes kanale waardeur landbouprodukte bemark kan word</li> <li>• Verstaan die doel en werking van landbou- en voedsel-koöperasies</li> <li>• Evalueer anti-kompeterende gedrag</li> <li>• Gebruik vraag en aanbod om maandelike pryse te voorstel</li> <li>• Onderneem bemarking aktiwiteite.</li> <li>• Onderneem markanalise</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds kontak		
<p><b>Assesseringsmetodes:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>•Klastoetse, semestertake, toetse en eksaminering sal gebruik word in die assessering van die module</li> <li>•Demonstreer h verstandhouding van landbou en voedsel bemarkingsbeleide, implementering en die effek daarvan op die Suid-Afrikaanse verbruikers en produsente</li> <li>•Identifiseer die verskeie bemarkingskanale van landbouprodukte soos groente, lewende hawe en grane en die moontlikheid inklusiwiteit van beide kommersiële en opkomende produsente</li> <li>•Opsporing van relevante literatuur oor landbou en voedselbemarkings-probleme, die analisering daarvan asook om maandelike oplossings te bied tot die probleme</li> </ul>		

<b>Modulekode: ECON111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Ekonomie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis en begrip van die basiese funksionering van die ekonomie en die onderskeie komponente daarvan, die ekonomiese probleem van skaartheid, beperkte hulpbronne en onbeperkte behoeftes, die manier waarop die verskillende ekonomiese stelsels hierdie probleem probeer oplos en die maniere waarop fiskale, monetêre en ander beleidsmaatreëls aangewend word om spesifieke ekonomiese doelwitte te bereik;</li> <li>• as individu en/of in groepe, die vaardighede om die gedrag van die vernaamste ekonomiese agente soos verbruikers en produsente te vertolk en te ontleed;</li> <li>• as individu en/of in groepe, die vaardighede om die ekonomiese data oor die fiskale, monetêre en ander soorte beleid in Suid-Afrika te vertolk en te ontleed;</li> <li>• die vermoë om omskrewe, roetine- en nuwe ekonomiese probleme (soos werkloosheid en hoë inflasiesyfers) in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van bewese metodes, prosedures en tegnieke te identifiseer, te evalueer en op te los; en</li> <li>• die vermoë om inligting uit gegewe bronne te versamel, inligting te selekteer wat geskik is vir die taak, daardie inligting te ontleed, te sintetiseer en te evalueer, en die resultate en/of voorstelle op 'n eties-gesonde manier skriftelik en in mondelinge demonstrasie te kommunikeer met behulp van toepaslike inligtingstegnologieë.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: ECON121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Basiese Mikro- en Makro-ekonomie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <p>fundamentele kennis van en insig in die beginsels en teorieë waarop mikro-ekonomie, makro-ekonomie en die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model gegrond is, en ook die vermoë om begrippe en terminologie aan te wend by die beantwoording van goed-omskrewe probleme en gevallestudies;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis van die wisselwerking tussen en interafhanklikheid van ekonomiese deelnemers en ekonomiese aanwysers te demonstree;</li> <li>• vaardighede om gevallestudies, voorbeelde en probleme ten opsigte van bepaalde makro- en mikro-ekonomiese verskynsels te ontleed en te evalueer, met verwysing na vraag, aanbod, ewilibrium, verbruik, produksie, pryselastisiteit en verskillende vorms van mededinging;</li> <li>• fundamentele begrip van die oorsake van inflasie, werkloosheid en ekonomiese groei en kennis om beleid in dié verband aan te beveel;</li> <li>• vaardighede om die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model in ekonomiese ontledings en voorspellings aan te wend; en</li> <li>• vaardighede met die versameling en verwerking van inligting vir die skryf van werkopdragte binne die raamwerk van mikro- en makro-ekonomie, individueel en in groepe te demonstree.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		

<b>Modulekode: ECON211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Makro-ekonomie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ die interverwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed;</li> <li>▪ die uitwerking van verskeie beleidstappe op die funksionering van die ekonomie op sowel die lang- as die korttermyn te beoordeel; en</li> <li>▪ verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en verduidelik hoe dit toegepas kan word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: ECON221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Mikro-ekonomie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesonde kennis en begrip te demonstreer van tersaaklike terme, reëls, begrippe, beginsels en teorieë om mikro-ekonomie en die toepassing daarvan in die werklikheid te beskryf;</li> <li>• die gebruik van teoriegedrewe argumente en Inligtingstechnologie-vaardighede om as individue en/of groepe inligting aangaande mikro-ekonomiese kwessies te versamel, te organiseer, te ontleed en te vertolk;</li> <li>• probleemoplossingsvermoëns ten opsigte van verbruikersvraag en -keuses, markstrukture en die gedrag van mededingers, ewewigsanalises, mikro-beleid en regeringsingryping in die ekonomie in die vorm van belasting/subsidiëring te demonstreer; en</li> <li>• die bevindings en/of oplossings op samehangende en betroubare wyse aan 'n gehoor van eweknieë en akademië deur gebruikmaking van individuele en/of groepmetodes doeltreffend te kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: ECON311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Fiskale en Monetêre Beleid</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van markmislukking en die rol van die staat in die ekonomie te demonstreer;</li> <li>• as 'n individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om voorvalle van markmislukking in gevallestudies te identifiseer en toepaslike vorms van staatsingryping aan te beveel; en</li> <li>• die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorms van staatsingryping in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings met behulp van die toepaslike IT te kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal		



in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: ECON321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Ekonomiese Analise</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van klassieke lineêre regressie-modelle en spesifikasietoetsing van regressie-resultate te demonstreer;</li> <li>• as individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n regressiemodel met Eviews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur-breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit en outokorrelasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van ekonomiese ontledings; en</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike Inligtingstegnologie, asook in die vorm van 'n skripsie van 20 bladsye.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: ECON322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Ontwikkelingsekonomie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van ekonomiese toestande in lae- en middelinkomste-ekonomieë en die strukturele eienskappe van Minder Ontwikkelde Lande se ekonomieë te demonstreer;</li> <li>• 'n kritieke begrip van terme, reëls, beginsels en teorieë toe te pas ten einde as individu of in groepe ekonomiese prestasie in lae- en middelinkomste-ekonomieë asook ander kwessies van ekonomiese ontwikkeling te ontleed, te vertolk en te evalueer ten einde deel te neem aan normgebaseerde beredenering;</li> <li>• deeglik-ontwikkelde inligtingsherwinningsvaardighede te demonstreer, om die inligting te ontleed, te vertolk en te evalueer en om eties te werk te gaan met onbekende konkrete en abstrakte probleme in Ontwikkelingsekonomie; en</li> <li>• inligting in goed-gestruktureerde betoë in skriftelike werksopdragte en mondelinge aanbiedings te kommunikeer ooreenkomstig voorgeskrewe formaat en met die gebruik van toepaslike tegnologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKIP211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Internasionale Handelsbetrekkinge</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis en begrip te demonstreer van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls van die volgende: internasionale handelsbetrekkinge, die uitwerking van staatsinmenging in internasionale handelsbeleid, die verskillende soorte handelsbepalings en -bevordering, die uitwerking van internasionale handelsinstellings op die wêreldhandel, die impak van handelsblokke op wêreldhandel</li> </ul>		

<p>en die manier waarop besighede kan baat by internasionale handelstransaksies;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vaardighede te demonstreer om inligting te herwin wat geïdentifiseer is om die samestelling/klassifikasie van lande te ontleed ten opsigte van die wêreldhandel asook hul internasionale handelsbeleid;</li> <li>• die finansiering van internasionale handel te ontleed en toe te pas met betrekking tot wisselkoerse en 'n land se betalingsbalans, met spesifieke fokus op die Suid-Afrikaanse situasie;</li> <li>• Suid-Afrika se posisie in die internasionale handelsomgewing te evalueer wat betref oopheid, internasionale handelsverhoudinge, internasionale handelstatus en bydrae van die verskillende sektore tot internasionale handel;</li> <li>• Kennis te gebruik van Suid-Afrika se internasionale handelstruktuur en -prioriteite ten einde werklikheidsprobleme op te los en bevindings en voorstelle te regverdig met teoriegesteunde argumente; en</li> <li>• Individueel en/of in groepe verslae en aanbiedinge voor leke- en professionele gehore met behulp van IT aan te bied.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKIP221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Internasionale Handelsfinansiering en -betaling</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• te onderskei tussen die verskillende dimensies van finansiële risiko in internasionale handel;</li> <li>• die verskillende opsies ten opsigte van internasionale betalingsmetodes en -termyne te evalueer;</li> <li>• met 'n praktiese toepassing die toepaslike betalingsmetode en -termyn te kies;</li> <li>• die doel met uitvoerkredietversekering en die aard van die bedryf te bespreek, om die beginsels onderliggend aan uitvoerkredietversekering te verduidelik, om die soorte uitvoerkredietversekering wat beskikbaar is, te verduidelik, om die praktiese aspekte van uitvoerkredietversekeringsbeleid te verduidelik, om die opvolging van agterstallige betalings en eise ingevolge uitvoerkredietversekering te beskryf;</li> <li>• die kostekomponent van uitvoerkwotering te analiseer en uitvoerprysingsoorwegings te verduidelik;</li> <li>• te beskryf hoe om te werk met buitelandse valuta en die impak van Suid-Afrikaanse buitelandse valuta regulasies op internasionale handelstransaksies te bespreek;</li> <li>• die breë kategorieë van internasionale finansiering te analiseer en te verduidelik, asook die finansieringsfasiliteite wat banke en bevestigingshuise aanbied; en</li> <li>• die finansieringsfasiliteite wat sakevennote, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) en die Suid-Afrikaanse regering aanbied, te bespreek.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKIP311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Internasionale Handelsgeografie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis en begrip te demonstreer van die basiese beginsels van ekonomiese geografie, die verspreiding van ekonomiese aktiwiteit, populasie, hulpbronne en inkomste oor die wêreld, die historiese ontwikkeling van kapitalisme en tegnologiese ontwikkeling in verskillende kontinente, die ontwikkeling van vervoer- en</li> </ul>		

<p>kommunikasiesisteme oor die wêreld, die rol van stede in internasionale handel, die teoretiese basis van internasionale handel en die vloei van buitelandse investering oor die wêreld;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die interverwantskappe tussen ekonomiese geografie, ontwikkeling, internasionale besigheid en die globale ekonomie te ontleed;</li> <li>• die oorsake en gevolge van die verspreiding van die wêreldpopulasie op ekonomiese en handelsgeografie te ontleed;</li> <li>• die landbou-, vervaardigings- en dienste sektore van die belangrikste internasionale rolspelers te analiseer;</li> <li>• die verband tussen vervoer, ekonomiese ontwikkeling en geografie te ondersoek;</li> <li>• die sosiale en ekonomiese impak van die internet, asook die moontlike toekomstige impak van tegnologiese ontwikkeling van telekommunikasie op geografie te ontleed;</li> <li>• die invloed van geografie op handelspatrone te ontleed; en</li> <li>• die oorsake van armoede in die hedendaagse wêreld te ondersoek en verskeie ontwikkelingstrategieë te evalueer.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.</p>		
<b>Modulekode: EKIP321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Internasionale Besigheidskommunikasie</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• omstandighede wat kan lei tot die behoefte om met buitelandse sakevennote te kommunikeer wanneer transaksies op 'n internasionale vlak beklink word, te verduidelik;</li> <li>• praktiese voorbeelde van die verskillende soorte kommunikasie (beide verbaal en nie-verbaal) te verskaf;</li> <li>• 'n gedetailleerde beskrywing van die komponente van kultuur te verskaf, en illustreer (deur middel van voorbeelde) hoe kulturele verskille effektiewe kommunikasie op 'n internasionale vlak kan belemmer;</li> <li>• praktiese riglyne oor hoe om optimaal te kommunikeer en, indien nodig, te onderhandel met sakevennote van: Noord-Amerika, Suid-Amerika, Asië, Europa en ander dele van Afrika, te verskaf; en</li> <li>• aan die hand van 'n praktiese gevallestudie aangaande 'n kommunikasie-gaping tussen 'n Suid-Afrikaner en 'n buitelandse sakevennoot, die bron van die probleem te identifiseer en die mees gepaste metode om die sakeverhouding te herstel aanbeveel.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.</p>		
<b>Modulekode: EKRP211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<p><b>Titel: Inleiding tot Risikobestuur</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennis te demonstree van wat risiko behels asook hoe om risiko strategies in 'n korporatiewe omgewing in Suid-Afrika te bestuur;</li> <li>• te verduidelik waarom risikobestuur 'n belangrike rol in die besigheidsgewing speel;</li> <li>• verskeie tipes risiko's te identifiseer en tussen hulle te onderskei;</li> <li>• beide teoretiese kennis en toepassing van die risikobestuurproses te demonstree, wat insluit die identifisering, evaluering en kontrolering van risiko in verskeie omstandighede; en</li> <li>• deeglike begrip te demonstree van verskeie vorms van risiko finansieringstrategieë, die</li> </ul>		

koste verbonde aan hierdie strategieë en die toepaslikheid daarvan op verskeie risiko's.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKRP221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Beleggingsbestuur</b>		
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die vereiste opbrengskoers as beleggingskriterium te verduidelik;</li> <li>• die fundamentele beginsels van belegging in die lig van risiko/opbrengs en die tydwaarde van geld te ontleed;</li> <li>• diversifisering te verduidelik;</li> <li>• die beleggingsbestuursproses te bespreek en te analiseer;</li> <li>• die organisasie en funksionering van sekuriteite-markte te bespreek;</li> <li>• die verskillende beleggingsteorieë te onderskei en te evalueer;</li> <li>• waardasiebeginsels en -praktyke in beleggingsbestuur te bespreek;</li> <li>• fundamentele ontleding te bespreek;</li> <li>• tegniese ontleding te doen; en</li> <li>• portefeuljebestuur en portefeulje-evaluering vanuit die oogpunt van die beleggingsbestuurder te bespreek en te analiseer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKRP311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Bankrisikobestuur</b>		
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van die manier waarop die Bates-laste-komitee (BALKO) hul bates en laste bestuur om bankrisiko's, die rol wat die bestuur van hierdie finansiële bates en laste in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, asook die finansiële en ander verwante risiko's in 'n finansiële instelling, aan te spreek;</li> <li>• goed-ontwikkelde probleemoplossings-vaardighede te demonstreer deur die proses van minimalisering van finansiële risiko's strategies te bestuur; die rente-inkomste en ekwiteit van finansiële instellings te maksimaliseer, en deeglike begrip te toon van die regulatiewe omgewing waarin banke funksioneer; en</li> <li>• individuele en groepmetodes te gebruik om inligting met betrekking tot bankrisikobestuur doeltreffend, samehangend en in toepaslike formaat oor te dra</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: EKRP321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Finansiële Markte</b>		
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis en begrip van die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, met inbegrip van SAFEX en die Effektebeurs (die Johannesburgse Aandelebeurs en aandele is in EKRP211 behandel), asook</li> </ul>		

<p>gebruikskennis van die werking van die produkte en instrumente, waaronder afgeleide instrumente, wat in hierdie markte en die regulatiewe omgewing gebruik word, te kan demonstreer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë te demonstreer om as ontleder, markhandelaar, aandelemakelaar en agterkantoorbeampte in die bank- en tesourie-omgewing te werk;</li> <li>• in ongewone, konkrete en abstrakte scenario's basiese portefeuljebestuur toe te pas deur middel van die produkte en instrumente van die bogenoemde markte; en</li> <li>• in groepe en/of as individu te werk en inligting doeltreffend en op 'n eties behoorlike manier met behulp van die toepaslike Inligtingstegnologie oor te dra</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.</p>		
<p><b>Modulekode: STTN115</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-vlak: 5</b></p>
<p><b>Titel: Beskrywende Statistiek en Inferensie</b></p>		
<p><b>Module uitkomstes</b></p> <p>'n Leerder wat hierdie module voltooi het behoort in staat te wees om :</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis en begrip te demonstreer van die belangrikste elementêre statistiese tegnieke wat daaglik gebruik word, soos steekproefneming metodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate lynpassing, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate lynpassing , die korrelasiekoëffisiënt, meervoudige regressie, tydreëks data, bewegingskomponente om toekomstige uitkomstes te voorspel, en praktiese oorwegings aangaande vraelyste en steekproefgroottes. Die student behoort ook kennis en begrip te demonstreer van die normaal en t waarskynlikheidsverdelings, die sentrale limietstelling, beraming van populasie parameters deur middel van punt- en intervalberaming, hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en –proporsies vir een en twee steekproewe (parametries en nie-parametries) .</li> <li>• vaardighede te demonstreer om statistiese kennis en tegnieke te gebruik om bekende en onbekende werklikheidsgetroue probleme op te los en metodes, oplossings en gevolgtrekkings as individu en/of as lid van 'n groep op eties, verantwoordelike en aanvaarbare wyse skriftelik en mondeling te kommunikeer.</li> </ul>		
<p><b>Modulekode: STTN125</b></p>	<p><b>Semester 2</b></p>	<p><b>NKR-vlak: 5</b></p>
<p><b>Titel: Inleidende Waarskynlikheidsleer</b></p>		
<p>Na voltooiing van die module behoort die student</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en begrip te demonstreer van <ul style="list-style-type: none"> <li>○ konsepte soos die uitkomruimte, gebeurtenisse, waarskynlikheidsmate, telprosesse, stogastiese uitkomstes van gebeurtenisse en die onafhanklikheid van gebeurtenisse;</li> <li>○ belangrike waarskynlikheidsleerstellings soos die wet van totale waarskynlikheid en die stelling van Bayes;</li> <li>○ stogastiese veranderlikes, verdelingsfunksies en massafunksies, diskrete stogastiese veranderlikes en die volgende verdelings: binomiaal, geometries, negatief binomiaal, hipergeometries en Poisson sowel as die kontinue stogastiese veranderlikes tesame met hul verdelingsfunksies: eksponensieel, gamma en normaalverdelings en funksies van die veranderlikes;</li> <li>○ Eenrigting variansie analise (ANOVA) en die toepassing hiervan op praktiese probleme mbv geskikte rekenaaruitvoer.</li> </ul> </li> <li>• vaardighede te demonstreer om statistiese kennis en tegnieke te gebruik om bekende en onbekende werklikheidsgetroue probleme op te los en metodes, oplossings en gevolgtrekkings as individu en/of as lid van 'n groep op eties,</li> </ul>		

verantwoordelike en aanvaarbare wyse skriftelik en mondeling te kommunikeer.		
<b>Modulekode: STTN111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Beskrywende statistiek</b>		
Module uitkoms 'n Student wat hierdie module voltooi het behoort die volgende kennis te kan toon: Fundamentele kennis van die belangrikste elementêre statistiese tegnieke wat daaglik gebruik word, soos steekproefnemingsmetodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate lynpassing, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate lynpassing, korrelasiekoëffisiënte, meervoudige lineêre regressie met toepassings op voorspellings, tydreeksdata en bewegingskomponente om toekomstige uitkomst en praktiese oorwegings aangaande vraelyste en steekproefgroottes te voorspel; om probleemoplossingsvaardighede te demonstree deur bekende en onbekende probleme op te los; om kennis wat opgedoen is te implementeer deur steekproefnemingsmetodes, grafiese voorstelling van data, beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding, kleinste kwadrate lynpassing, voorspellings deur middel van kleinste kwadrate lynpassing, korrelasiekoëffisiënte, interpretasie van meervoudige regressie, berekenings van bewegingskomponente, voorspellings van toekomstige uitkomst van tydreeksdata en die bepaling van steekproefgroottes op werklike data toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: STTN121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleidende Statistiese Inferensie</b>		
Module-uitkomst: 'n Student wat hierdie module voltooi het behoort die volgende kennis te kan toon: Fundamentele kennis van waarskynlikhede en waarskynlikheidsverdelings, die sentrale limietstelling, beraming van populasie-parameters deur middel van punt- en intervalberaming, hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en -proporsies vir een en twee steekproewe, eenrigting variansieanalyse (ANOVA) en kategoriese data-analise, gebeurlikheidstabelle en basiese toetse op kategoriese data; probleemoplossingsvaardighede deur die analyse van bekende en onbekende probleme, om kennis wat opgedoen is te gebruik om eenvoudige waarskynlikheidsprobleme op te los, die toepassing van die sentrale limietstelling, die beraming van populasieparameters deur middel van punt- en intervalberaming, hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en -proporsies vir een en twee steekproewe, die toepassing van eenrigting variansieanalyse (ANOVA)-metodes en die interpretasie van die rekenaaruitsette, die toepassing van metodes van kategoriese analise, soos gebeurlikheidstabelle en basiese toetse op kategoriese data.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundi beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: STTK214</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Statistiek vir Lewenswetenskappe</b>		
Aan die einde van die module behoort die student: •Kennis te dra van die volgende begrippe en in staat te wees om die volgende toe te pas: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ statistiese tegnieke wat daaglik gebruik word bv. steekproefmetodes, grafiese voorstelling van die data en beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>○ lineêre regressie krommes te pas op tweeveranderlike data en die kleinste kwadrate metode te kan gebruik;</li> <li>○ eenvoudige voorspellings te maak met die gepaste kromme, asook die interpretasie van die korrelasiekoëffisiënt;</li> <li>○ die hantering van tydreeksdata en die berekening van bewegingskomponente ten einde toekomstige uitkomstes te kan voorspel;</li> <li>○ die uitvoering van eenvoudige waarskynlikheidsberekeninge en die gebruik van waarskynlikheidsverdelings;</li> <li>○ die sentrale limietstelling en die toepassing daarvan op praktiese probleme;</li> <li>○ die beraming van populasieparameters m.b.v. punt- en intervalberaming;</li> <li>○ hipotesetoetsing vir populasiegemiddeldes en populasieproporsies vir een en twee steekproef gevalle;</li> <li>○ Eenrigting- en tweerigting ANOVA;</li> <li>○ Chi-kwadraat toets vir onafhanklikheid; en</li> <li>○ Hoofkomponentontleding.</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die toepaslikheid van bostaande statistiese konsepte in 'n praktiese omgewing te erken en statistiese metodes daarop kan toepas om datastelle op te som, te verstaan en te ontleed d.m.v. statistiese rekenaarsagteware.</li> <li>● Die statistiese tegniek te kan identifiseer wat toepaslik is vir 'n bepaalde probleem.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		
<b>Modulekode: STTN215</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Warskynlikheidsleer en steekproefteorie</b>		
Module-uitkomst:		
Met afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>● fundamentele kennis te demonstreer van die volgende statistiese konsepte: metode van momente en die metode van maksimum aanneemlikheid ten einde parameters te beraam, doeltreffendheid van 'n beramer, voldoende statistieke, hipotesetoetsing, die dualiteit tussen vertrouensintervalle en hipotesetoetsing, informele tegnieke vir pasgehaltetoetsing, metodes van data-opsoeming, maatstawwe van lokaliteit en spreiding, digtheidsfunksieberaming, en die skoenlusmetode.</li> <li>● probleemoplossing kundigheid ten toon te stel vir die analisering van bekende en onbekende probleme, parameters te beraam deur middel van die metode van maksimum aanneemlikheid en momente, bepaal welke 'n beramer doeltreffend is en voldoende statistieke te vind vir 'n verskeidenheid probleme.</li> <li>● kundigheid ten toon stel in die opstel van volledige en voldoende statistieke, gebruik van die Neyman-Pearson paradigma ten einde hipotesetoetsing uit te voer, toepassing van die verband tussen hipotesetoetsing en vertrouensintervalle in die konteks van beraming, gevolgtrekkings te maak deur beskrywende statistiek te gebruik, metodes van data-opsoeming toe te pas, berekening van maatstawwe van lokaliteit en spreiding, instaat te wees om die skoenlusmetode toe te pas vir (a) die opstel van vertrouensintervalle vir parameters en (b) beraming van 'n beramer se variasie.</li> <li>● bogenoemde konsepte toe te pas op data soos gevind in die praktyk.</li> <li>● gebruik van die rekenaartaal SAS (PROC IML) om konsepte prakties toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		

<b>Modulekode: WISN111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Name: Inleidende Algebra en Analise I</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente die volgende te kan doen: fundamentele kennis demonstreeer van logika, die reële getalstelsel, wiskundige induksie, permutasies en kombinasies en die binomiaalstelling, die funksiebegrip, sirkelmaat en trigonometriese funksies, inverse funksies en inverse trigonometriese funksies, polinome in een veranderlike, rasionale funksies, parsieële breuke, vektore en die bewerkings tussen vektore, komplekse getalle, poolkoördinaatvoorstellings, limiete, kontinuïteit en differensieerbaarheid van standaardfunksies, onbepaalde integrale van eenvoudige funksies, die stelling van L'Hospital en sy gebruike, en die gebruik van afgeleides in optimalisering en krommesketsing; probleemoplossingsvaardighede demonstreeer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om logika op die getalstelsels toe te pas, stellings deur wiskundige induksie bewys, die aantal rangskikkings en keuses uit 'n versameling bepaal, magte van 1e-graadspolinome ontwikkel, al bogenoemde funksies se limiete bepaal, ook met die gebruik van L'Hospital se stelling, afgeleides en onbepaalde integrale van eenvoudige funksies bereken en die funksies skets, optimeringsprobleme in 'n wiskundige formulering giet en die kennis van afgeleides gebruik om dit op te los, bewerkings met komplekse getalle en vektore te kan uitvoer en krommes in poolkoördinate skets.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		

<b>Modulekode: WISN121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Naam: Inleidende Algebra en Analise II</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die studente die volgende te kan doen: fundamentele kennis demonstreeer van basiese konsepte van rye, reekse en magreekse asook die basiese stellings oor konvergensie van reekse, Taylor-reekse, die bepaalde integraal se basiese eienskappe en gebruike, die fundamenteelstellings van differensiaal- en integraalrekenre, hiperboliese en inverse hiperboliese funksies, toepassings van integrasie op oppervlaktes, lengtes en volumes, eerste-orde skeibare differensiaalvergelykings, stelsels lineêre vergelykings, Gauss-herleiding, matrikse en matriksbewerkings, determinante en Cramer se reël; probleemoplossingsvaardighede demonstreeer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om stelsels lineêre vergelykings te hanteer, konvergensie van rye en reekse te beoordeel, Taylor-reekse te bereken, integrale te bepaal, en afgeleides en integrale van eksponensiële en hiperboliese funksies, differensiaalvergelykings op te los, en oppervlaktes, lengtes en volumes te bereken.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids asook op Efundu beskikbaar gestel word.		



## E.4.2 SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

### E.4.2.1 ONDERNEMINGSBESTUUR

#### E.4.2.1.1 MODULES

Kode	Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12	5
BMAN121	Algemene Bestuur		12	5
BMAN211	Inleiding tot Bemerkingsbestuur		16	6
BMAN212	Entrepreneuriese Vaardighede		16	6
BMAN221	Aankoop- en Voorsieningskettingbestuur		16	6
BMAN222	Entrepreneuriese Geleenthede		16	6
BMAN311	Finansiële Bestuur		16	7
BMAN312	Entrepreneurskap		16	7
BMAN321	Strategiese Bestuur		16	7
BMAR211	Dienste Bemaking		16	6
BMAR221	Verbruikersgedrag		16	6
BMAR311	Produkbesluite		16	7
BMAR312	Prys- en Distribusiebesluite		16	7
BMAR321	Bemerkingsnavorsing		16	7
BMAR322	Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie (GIBK)		16	7

#### E.4.2.1.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: BMAN 111	Semester 1	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Inleiding tot Ondernemingsbestuur</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan kan beskryf;</li><li>• vaardighede demonstreer gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel; en</li><li>• die vermoë demonstreer om 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n verslag voor te berei as individu of as lid van 'n groep te kommunikeer, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor.</li></ul>		

Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 40 2 klasopdragte: gewig – 10 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Algemene Bestuur</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> <li>• bestuur in verskillende kontekste te kan gebruik;</li> <li>• 'n bestuursingesteldheid te toon;</li> <li>• verslag te doen oor bestuur en bestuurders in 'n veranderende wêreld;</li> <li>• die onderliggende beginsels van beplanning kan verstaan en gebruik;</li> <li>• organisasiestruktuurontwerp kan doen en die menslike hulbronproses kan verstaan;</li> <li>• te verstaan hoe om aan werknemers leiding te gee en werknemers te vergoed;</li> <li>• die beginsels van beheer in sake-situasies te kan toepas;</li> <li>• sy kennis in besluitneming te kan toepas;</li> <li>• vertrou te wees met die bestuur van verandering, stres en innovasie, motivering, leierskap en vertroue;</li> <li>• sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;</li> <li>• doelwitbestuur te kan evalueer en toepas;</li> <li>• 'n etiese benadering in alle werksaamhede te kan toon;</li> <li>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer; en</li> <li>• ten minste die helfte van sy opdragte in Engels, die sakewêreldtaal, kan doen.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 2-3 Klastoetse: gewig – 30 1 Werksopdrag: gewig – 15 1-2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Inleiding tot Bemerkingsbestuur</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard van bemerkingsbestuur te verstaan;</li> <li>• 'n oorsig van die bemerkingsomgewing te kan weergee en verstaan;</li> <li>• die rol van bemerkingsinligting in die bemerkingsproses te verduidelik;</li> <li>• die begrip 'bemarkingsnavorsing' akkuraat te kan omskryf;</li> <li>• bemerkingsnavorsing as instrument om inligting in te samel vir probleemoplossing te kan verduidelik;</li> <li>• verbruikersgedrag en verbruikerbesluitneming te kan verduidelik;</li> <li>• die proses van marksegmentering, teikenmarkbepaling en posisionering te kan verduidelik; en</li> <li>• die komponente van die bemerkingsmengsel te kan identifiseer en verduidelik.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 2-3 Klastoetse: gewig – 30 1 Werksopdrag: gewig – 15 1-2 Ander opdragte en/of toetse: gewig – 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		

<b>Modulekode: BMAN212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Entrepreneuriese vaardighede</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• te weet hoe om toegang tot hulpbronne wat vir 'n suksesvolle bestuurs- / entrepreneurskap-loopbaan benodig word, te kry;</li> <li>• geleenthede in verskillende bedrywe en studieverdele te kan ontdek;</li> <li>• sy belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te kan ontdek en dit in verband te bring met die gekose bedryf en loopbaanvelde;</li> <li>• 'n persoonlike ontwikkelingsplan met 'n visie en doelstellings te kan ontwikkel;</li> <li>• inkomste en uitgawes wys kan beplan en die gebruik van syfers in die alledaagse lewe verbeter; en</li> <li>• sy persoonlike ontwikkelingsplan te kan implementeer deur aan verskillende gehore te kommunikeer wat geleer is, funksionele geletterheid te verbeter, relevante terugvoer te kan ontvang en gee, homself beter te kan verstaan en kan uitdruk, om sy emosies te verstaan, selfbeheer te kan toepas, goeie interpersoonlike vaardighede te kan demonstreer en funksionele besigheidstaal effektief te kan gebruik.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 2-3 Klastoetse: gewig – 35  1-2 Werksopdragte: gewig – 20  2 Ander opdragte: gewig – 15  Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 30</p> <p>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: BMAN 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Aankoop- en Voorsieningsketting bestuur</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n oorsig te gee oor aankoopbestuur;</li> <li>• te verstaan hoe om die voorsieningsbronne te bestuur met klem op die keuse van verskaffers;</li> <li>• die sleutel prestasie-areas van aankoop en voorsiening te bepaal;</li> <li>• te verstaan hoe die instrumente in die bestuur van aankope en voorsiening en elektroniese inligting gebruik word; en</li> <li>• die areas van toepassing in aankope en voorsiening te identifiseer en verstaan.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35  2 Werksopdragte / Huiswerkopdragte: gewig – 15</p> <p>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen; gewig – 50</p> <p>Dit is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: BMAN222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Entrepreneuriese geleenthede</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module kan die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die term entrepreneurskap in verskillende kontekste gebruik;</li> <li>• 'n entrepreneuriese ingestelheid toon;</li> <li>• verslag doen oor die elemente van entrepreneurskap;</li> <li>• die funksionering van die brein, brein-voorkeure en denkvaardighede verstaan;</li> <li>• sy denke en selfspraak bestuur;</li> </ul>		



<ul style="list-style-type: none"> <li>• die beginsels van bestuur in sakesituasies te kan toepas;</li> <li>• jou kennis in besluitneming te kan toepas;</li> <li>• vertrouwd te wees met bestuur van die menslike hulpbron in 'n nuwe onderneming;</li> <li>• sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;</li> <li>• van die belangrikste gebeurlikheidsfaktore van entrepreneurskap te kan toepas:</li> <li>• deur middel van die gevallestudies meer van oprigting van nuwe ondernemings te leer;</li> <li>• 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon;</li> <li>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer;</li> <li>• ten minste die helfte van jou opdragte in Engels te doen – die taal van die sakewêreld.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 2 - 3 Klastoetse; gewig – 30 1 – 2 Werksopdragte; gewig - 15 1 - 2 Ander opdragte; gewig - 5 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen; gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en ondehewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAN 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Strategiese Bestuur</b>		
Module-uitkomste: By voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• sistematiese en teoretiese kennis van elemente van 'n strategiese plan te demonstreer;</li> <li>• gepaste besigheidstrategieë, bedreigings en geleenthede wat bydra tot 'n gesonde besigheid te identifiseer; en</li> <li>• 'n strategiese plan vir 'n onderneming op te stel en te fasiliteer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25 3 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 25 Summatief: 1x 3 uur Eksamen: gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: BMAR 211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Bemaking van Dienste</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module sal die student: <ul style="list-style-type: none"> <li>• in staat wees om 'n volledige en sistematiese kennis van bemaking in 'n diensomgewing, insluitende dienskwaliteit en die dienslewingsproses te openbaar. Dit sluit ook in 'n volledige kennis van die verbruiker in die diensomgewing se gedrag en besluitnemingsproses asook die begrip van verskillende prysstrategieë en geïntegreerde bemakingskommunikasie in die diensomgewing;</li> <li>• in staat wees om vaardighede te ontwikkel, gebaseer op konsepte en teorieë, om 'n behoorlike diensaanbod te ontwerp en te ontwikkel en in staat te wees om 'n prysstrategie te ontwikkel en te analiseer wat relevant is vir 'n bepaalde dienstemark en om met voorstelle te kom wat verhouding en lojaliteit met kliënte kan uitbou en om mislukkings van diensaanbiede te identifiseer en reg te stel; en</li> <li>• in staat wees om die vermoë te openbaar om 'n literatuurstudie en oorsig van die diensomgewing te onderneem en op te stel om sodoende as individu of deel van 'n span skriftelik of verbaal verslag te doen oor die bemaking van dienste.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50 Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.		

<b>Modulekode: BMAR 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Verbruikersgedrag</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die omvang van verbruikergedrag te verstaan met spesifieke verwysing na die belangrikheid daarvan vanuit 'n bemarkingsbestuurperspektief;</li> <li>• te verstaan hoe motivering, persoonlikheid, persepsie, verbruikerleesvermoë en houding die verbruiker as 'n individu beïnvloed;</li> <li>• aan te dui hoe verbruikers beïnvloed word deur hulle sosiale en kulturele omgewings; en</li> <li>• die verbruikerbesluitnemingsproses, wat aanleiding gee tot die opstel van meer effektiewe bemarkingstrategieë, wat gerig is op die bevrediging van verbruikerbehoefte, te verstaan.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35  2 Werksopdragte / Huiswerkopdragte: gewig – 15  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p> <p>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: BMAR 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Produkbesluite</b>		
<p>Module uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Te verstaan wat met die konsep “produk” bedoel word;</li> <li>• Die bestuur van nuwe produkte te kan verstaan;</li> <li>• Die posisionering van nuwe produkte te kan evalueer en doen;</li> <li>• Individuele produkbesluite te kan bespreek en verstaan;</li> <li>• Meervoudige produkbesluite te kan bespreek en verstaan; en</li> <li>• Om kommentaar te lewer op die produklewensiklus.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30  1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 20  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen; gewig – 50</p> <p>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: BMAR 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Prys- en Distribusiebesluite</b>		
<p>Module uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die belangrikheid van pryse binne die onderneming te verstaan;</li> <li>• die aard en rol van pryse binne die onderneming te verduidelik;</li> <li>• die prys-waarde verhouding te verstaan;</li> <li>• die rol van pryse in die bemarkingsmengsel aan te dui en te verduidelik;</li> <li>• die stappe in die prysbepalingsproses te kan identifiseer en bespreek;</li> <li>• te verstaan hoe om 'n finale prys te bepaal;</li> <li>• kennis te openbaar in die ontwerp en ontwikkeling van distribusiekanale;</li> <li>• die vermoë te ontwikkel om distribusiekanale te identifiseer en te kies;</li> <li>• te verduidelik waarvoor logistiekbestuur gaan en dit te kan verduidelik;</li> <li>• te weet hoe om 'n distribusiekanal te bestuur; en</li> <li>• om kennis te openbaar ten opsigte van gedragsprosesse binne distribusiekanale.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse; gewig – 30  1 Geïntegreerde werksopdrag; gewig – 20</p>		

<p>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen; gewig – 50</p> <p>Hierdie is 'n riglyn en onderhewig aan verandering</p>		
<b>Modulekode: BMAR 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Bemerkingsnavorsing</b>		
<p>Module uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module sal jy in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jou kennis ten opsigte van die navorsingsproses te demonstree;</li> <li>• 'n Navorsingsprobleem te omskryf;</li> <li>• 'n Navorsingsontwerp vir 'n geïdentifiseerde probleem te ontwikkel;</li> <li>• Dataversamelingsmetodes kan evalueer en besluit watter een die geskikste is vir die geïdentifiseerde probleem;</li> <li>• Steekproef en data-insamelingstegnieke verduidelik;</li> <li>• Data te analiseer en te interpreteer; en</li> <li>• 'n Navorsingsverslag voor te berei.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p> <p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse; gewig – 45 (15 elk)  1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 5  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p>		
<b>Modulekode: BMAR 322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Geïntegreerde Bemerkingskommunikasie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die omvang van GBK te verstaan, met spesifieke verwysing na die aard van advertensies en promosies;</li> <li>• 'n geïntegreerde bemerkingskommunikasieplan vir 'n spesifieke produk of diens te ontwikkel;</li> <li>• aandag te gee aan die proses van identifisering van die teikenmark;</li> <li>• die tipe advertensie en promosie-instrumente wat gebruik kan word te bepaal;</li> <li>• begrotings op te stel vir elke media en instrument wat gebruik word; en</li> <li>• die GBK-plan te evalueer en probleemareas te bepaal en reg te stel.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p> <p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 35  1 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 15  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p> <p>Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		

## E.4.2.2 TOERISMEBESTUUR

### E.4.2.2.1 MODULES

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
TMBP111	Inleiding tot Toerismebestuur		12	5
TMBP121	Gasvryheidsbestuur		12	5
TMBP211	Toegepaste Toerismebestuur	BMAN121	16	6
TMBP221	Toerismebemaking		16	6
TMBP311	Volhoubare Ekotoerismebestuur		16	7
TMBP312	Inleiding tot Gebeurtenisbestuur (keusemodule)		16	7
TMBP321	Wildplaasbestuur		16	7
TMBP322	Toegepaste Gebeurtenisbestuur(keuse))		16	7
VHTB311	Gasvryheidsbestuur: Voedsel en Drank & Voedseldiensbestuur		16	7

### E.4.2.2.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: TMBP111	Semester 1	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Inleiding tot Toerismebestuur</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die leerder:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n fundamentele kennisbasis van die toerismebedryf, insluitende die funksionering en ontwikkeling daarvan binne die breër samelewing, te kan demonstreer;</li><li>• 'n begrip vir die onderskeie komponente van die toerismebedryf, asook jou rol in die bedryf en in goed-gedefinieerde situasies, te kan demonstreer;</li><li>• 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir die ekonomiese-, sosiale- en omgewingsimpakte van toerisme te demonstreer, asook die onderskeie impakte te kan identifiseer, analiseer en oplossings vir goed-gedefinieerde probleme te kan bied; en</li><li>• die waarde van toerisme in die ekonomie van Suid-Afrika te kan verwoord.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25 2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 10 2 Ander onvoorbereide toetse/werksopdragte: gewig – 15		
Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		
Modulekode: TMBP121	Semester 2	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Gasvryheidsbestuur</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die leerder:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n fundamentele kennisbasis van en insig in die beginsels en bestuur rakende die</li></ul>		



<p>gastehuisbedryf en konferensietoerisme in Suid-Afrika, vir toepassing op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies, te kan demonstreeer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• insig te toon in die ontwikkeling, beplanning en bestuur van 'n gastehuis en/of konferensie;</li> <li>• gevallestudies of probleemsituasies binne gastehuse en konferensies te kan analiseer en evalueer en in die vorm van 'n verslag, verbaal of skriftelik, te kan weergee volgens spesifieke riglyne en 'n eie etiese raamwerk; en</li> <li>• inligtingsverkrygingsvaardighede en verwerkingsvaardighede te kan demonstreeer vir die skryf van werkstukke binne gegewe situasies.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25  2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 10  2 Ander onvoorbereide toetse/werksopdragte: gewig – 15  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p> <p>Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: TMBP211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<p><b>Titel: Toegepaste Toerismebestuur</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die leerder:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis en uitgebreide begrip met betrekking tot die konsepte, komponente en teorieë van entrepreneurskap en toerismebestuur (fasiliteitsbestuur, finansiële bestuur, casinobestuur) binne 'n Suid-Afrikaanse konteks te kan demonstreeer;</li> <li>• deur middel van sekere tegnieke en prosedures entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te kan identifiseer en na kritiese analise en sintese van die inligting effektiewe geleenthede te kan selekteer;</li> <li>• goed-gedefinieerde maar onbekende probleme te kan oplos met spesifieke verwysing na die ontwikkeling van besigheidsplanne vir enige tipe toerisme-onderneming;</li> <li>• risikobestuurvaardighede te kan demonstreeer na aanleiding van gegewe gevallestudies;</li> <li>• binne 'n etiese raamwerk verantwoordelike besluite aangaande die bestuur en ontwikkeling van die toerisme-onderneming te kan neem; en</li> <li>• met behulp van basiese inligtingstechnologieë die vermoë te demonstreeer om inligting verantwoordbaar en professioneel, verbaal en/of nie-verbaal te kan aanbied.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25  2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 10  2 Ander onvoorbereide toetse/werksopdragte: gewig – 15</p> <p>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p> <p>Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p> <p><i>Voorvereiste BMAN121</i></p>		
<b>Modulekode: TMBP221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<p><b>Titel: Toerisembemarking</b></p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die leerder:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis en uitgebreide begrip met betrekking tot die konsepte, komponente en teorieë van toerisembemarking te kan demonstreeer;</li> <li>• die mees toepaslike bemarkingsplan vir 'n toerismeproduk te kan saamstel gegewe die metodes en prosedures van toepassing;</li> <li>• bekende en onbekende probleme binne toerisembemarkingsbestuur te kan oplos deur die seleksie van die regte metodes, gegrond op 'n sterk waardesisteen van norme en waardes; en</li> <li>• as individu en as lid van 'n span, bemarkingsinligting krities te kan evalueer en sintetiseer</li> </ul>		

om gevolgtrekking/voorstelle skriftelik en mondelings te kommunikeer aan die hand van basiese inligtingstegnologie.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25 3 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 15  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 40 1 Primêre werkstuk: gewig – 20 Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: TMBP311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Volhoubare Ekotoerismebestuur (keuse-module)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die leerder: <ul style="list-style-type: none"> <li>• as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde etiese waardesisteem, uitgebreide kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van ekotoerismebestuur wat insluit parkebestuur, die bestuur van marine- en kusareas asook die praktiese aanbieding van omgewings- en kultuurelemente op 'n volhoubare wyse aan toeriste te demonstreer;</li> <li>• vaardighede te demonstreer om abstrakte probleme wat verband hou met omgewingsbestuur binne 'n sekere area te kan identifiseer, analiseer en doeltreffend te kan oplos/bestuur met behulp van prosedures, metodes en tegnieke;</li> <li>• oor die vermoë te beskik om ruimte te bied en aan beredenering te kan deelneem rakende verskillende oplossings vir 'n gegewe situasie; en</li> <li>• akademiese werk professioneel (skriftelik en mondelings) te kan aanbied binne verskillende kontekste met die ondersteuning van die gepaste inligtingstegnologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25 2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 15 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 40 1 Primêre werkstuk: gewig – 20 Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering. <i>(Indien TMBP311 as keuse-module geneem word, moet TMBP321 in die tweede semester geneem word.)</i>		
<b>Modulekode: TMBP321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Wildplaasbestuur (keuse-module)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die leerder: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis te demonstreer met betrekking tot die konsepte, komponente en teorieë/modelle/raamwerke van wildplaasbestuur wat insluit: wildplaas-ontwikkeling, beplanning, bestuur, wetgewing en jagtoerisme;</li> <li>• navorsing met betrekking tot wildplaasbestuur prakties te kan uitvoer, maar ook huidige navorsing krities, as individu of as lid van 'n span, te kan analiseer, gevolgtrekkings te maak en voorstelle te argumenteer, gebaseer op teoretiese en praktiese bewyse;</li> <li>• verskillende wildplaasbestuursaspekte te kan identifiseer, krities te analiseer en doeltreffende oplossings te bied vir abstrakte en onbekende probleme binne die vakgebied;</li> <li>• die beplanning rakende die ontwikkeling van 'n wildplaas prakties te kan demonstreer, hetsy skriftelik of mondelings; en</li> <li>• akademiese en praktiese werkstukke en opdragte professioneel (skriftelik en/of mondelings) te kan aanbied binne verskillende kontekste met die ondersteuning van die gepaste inligtingstegnologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25  2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 15  2 Ander onvoorbereide toetse/werksopdragte: gewig – 10  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50  Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		
<b>Modulekode: TMBP312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Inleiding tot Gebeurtenisbestuur (keuse-module)</b>		
<p>Module-uitkomst:  Na voltooiing van die module behoort die leerder:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde etiese waardesisteem, uitgebreide kennis en praktiese vaardighede te demonstreer ten opsigte van die bestuur van gebeurtenisse wat insluit bepaalde definisies; tipes gebeurtenisse; rolspelers van toepassing in gebeurtenisbestuur; voor- en nadele van gebeurtenisse; elemente van gebeurtenisbestuur; doelwitte vir gebeurtenisse; fasiliteitsoorwegings; programbeplanning; toekenningsplan; toerustingbeplanning; mensehulpbronbeplanning; registrasieprosedures; risiko- en nood prosedures en voedsel- en vervoerbeplanning;</li> <li>• vaardighede te demonstreer deur geleenthede en probleme in die veld van spesialisasie te identifiseer, te ontleed, te evalueer en 'n geskikte program aan die hand van toepaslike sagteware te beplan, implementeer, evalueer en verbeter; en</li> <li>• die vermoë te hê om 'n literatuursoektog te onderneem rakende 'n bepaalde tema of probleem, hierdie inligting te analiseer en interpreteer en tot 'n gepaste gevolgtrekking te kom om eties-verantwoordbare/begronde argumente en voorstelle skriftelik en mondelings te kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25  2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 15  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 40  1 Primêre werkstuk: gewig – 20  Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering. (<i>Indien TMBP312 as keuse-module geneem word, moet TMBP322 in die tweede semester geneem word.</i>)</p>		
<b>Modulekode: TMBP322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Toegepaste gebeurtenisbestuur (keuse-module)</b>		
<p>Module-uitkomst:  Na voltooiing van die module behoort die leerder:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n samehangende en kritiese begrip aangaande die beplanning van 'n gebeurtenis te kan demonstreer;</li> <li>• vaardighede met betrekking tot die praktiese beplanning van 'n gebeurtenis toe te pas gebaseer op onbekende konkrete en abstrakte probleme;</li> <li>• abstrakte probleme binne gebeurtenisbestuur te kan identifiseer, analiseer en oplos op 'n eties-verantwoordbare wyse;</li> <li>• inligting te kan insamel, analiseer en weergee deur middel van inligtingstegnologie; en</li> <li>• verskillende tipes gebeurtenisse suksesvol te kan beplan en uitvoer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 25  2 Geïntegreerde werksopdragte: gewig – 15  2 Ander onvoorbereide toetse/werksopdragte: gewig – 10  Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50  Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		

<b>Modulekode: VHTB311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gasvryheidsbestuur: Voedsel en Drink &amp; Voedseldiensbestuur</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• gasvryheidsprogramme met betrekking tot voedsel- en drankbehoefes te beplan, te bestuur en aan te toon dat jy dit kan implementeer;</li> <li>• IT-vaardighede te kan demonstreer;</li> <li>• vanuit 'n gevestigde etiese benadering op te tree en te redeneer;</li> <li>• 'n gerigte verbintenis met die gasvryheidsbedryf te openbaar;</li> <li>• die verwagte houding(s) in terme van die gasvryheidsbedryf te toon;</li> <li>• om gemaklik en suksesvol in groepe te kan funksioneer; en</li> <li>• aanvullend hiertoe behoort jy na afhandeling van hierdie module 'n suiwer etiese perspektief op gasvryheidsbestuur en in alle aspekte daarvan te vertoon en verantwoording te kan doen.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3-4 Geïntegreerde werksopdrag: gewig – 40 3-4 Geskeduleerde toetse: gewig – 40 2-4 Ander klastoetse en -opdragte: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50 Dit is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		

#### E.4.2.3 VERSTAAN DIE WêRELD (SAKE-ETIEK)

##### E.4.2.3.1 MODULES

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Krediete	NKR
WVES221	Verstaan die ekonomiese wêreld		12	6
WVES311	Bedryfsetiek		12	7

##### E.4.2.3.2 MODULE-UITKOMSTE

<b>Modulekode: WVES 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Verstaan die ekonomiese wêreld</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis te hê van 'n verskeidenheid wêreldbeskouings en ideologieë en sy/haar kritiese verstaan daarvan te demonstreer deur die aard en funksie, sowel as die verskillende moderne/kontemporêre manifestasies van die wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te hê om die verbande van fenomene soos dit in die natuurlike en sosiale sisteme voorkom te verstaan en vanuit sy/haar vertrekpunt, werklike lewensvraagstukke of gevalle studies te analiseer en evalueer, gebaseer op kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, voortdurende verandering, menseregte, HIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, rassehaat, ens; en</li> <li>• sy/haar persoonlike wêreldbeskouing te kan oordra en dit te gebruik as 'n vertrekpunt om</li> </ul>		

<p>werkbare oplossings vir kernvraagstukke en probleme van ons tyd, op 'n tipies akademiese wyse te kan argumenteer en kommunikeer.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 40  Klasbywoning: gewig – 10  Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 50  Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		
<p><b>Modulekode: WVES 311</b></p>	<p><b>Semester 1</b></p>	<p><b>NKR-vlak: 7</b></p>
<p><b>Titel: Bedryfsetiek</b></p>		
<p>Module-uitkomste:  Na die afhandeling van hierdie module behoort u:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Kennis te dra van: <ul style="list-style-type: none"> <li>- geselekteerde etiese teorieë;</li> <li>- strategieë vir morele besluitneming;</li> <li>- geselekteerde sosio-ekonomiese etiese kwessies;</li> <li>- geselekteerde kwessies en benaderings in besigheidsetiek; en</li> <li>- die aard van organisasies en van bestuur vanuit 'n etiese perspektief;</li> </ul> </li> <li>2. Oor die vermoë en vaardighede te beskik om bogenoemde kennis toe te pas op gevallestudies; en</li> <li>3. Die bogenoemde teorieë en kwessies te kan analiseer en evalueer vanuit verskillende filosofiese en/of ideologiese perspektiewe.</li> </ol>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Weeklikse klastoetse: gewig – 20  Semestertoets: gewig – 50  Referaat: 30  Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 50  Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.</p>		

## E.4.3 SKOOL VIR MENSEHULPBRONWETENSKAPPE

### E.4.3.1 BEDRYFSIELKUNDE

#### E.4.3.1.1 MODULES

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
IOPS111	Inleiding tot die Bedryfsielkunde		12	5
IOPS121	Beroepsgesondheid en Ergonomika		12	5
IOPS211	Personeelsielkunde		16	6
IOPS221	Loopbaansielkunde		16	6
IOPS311	Organisasiesielkunde		16	7
IOPS321	Psigometrie en Navorsingsmetodologie		16	7
BSKT221	Personeelsielkunde		16	6
Ander modules in hierdie kurrikulum van die Skool vir Mensehulpbronbestuur				
PSYC121	Sosiale en gemeenskapspsigologie		12	5
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16	6
PSYC212	Persoonlikheidspsigologie		16	6
PSYC221	Positiewe Psigologie		16	6
PSYC311	Psigopatologie		16	7
PSYC321	Basiese hulpverlening en etiese gedrag		16	7

#### E.4.3.1.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: IOPS111	Semester 1	NKR-vlak:12
<b>Titel: Inleiding tot Bedryfsielkunde</b>		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>kennis van en insig in die kerngebiede van die Bedryfsielkunde en die loopbaanvooruitsigte, rolle, funksies en bevoegdhede van geregistreeerde beraders, psigometriste en sielkundiges te toon;</li><li>die rol en gebruik van die beginsels van Bedryfopsigologie te definieer en te beskryf;</li><li>die biologiese basis van gedrag, wat kognitiewe vermoëns, geheue, leer en motivering insluit, te kan analiseer; en</li><li>die sosiale basis van gedrag, wat interpersoonlike interaksie soos houdings, emosies, waardes en leierskap insluit, te kan analiseer.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot Klastoetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 50		

<b>Modulekode: IOPS121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Beroepsgeondheid en Ergonomika</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Die student behoort in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van die aard en belangrikheid van 'n veilige en gesonde werksomgewing wat die kwaliteit van die werkslewe van werknemers verbeter, te kan demonstreeer;</li> <li>• insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar;</li> <li>• kennis van die toepassing van ergonomika te demonstreeer deur modelle te ontwerp om te pas by liggaamshouding, die kantoor-/werksomgewing, vir spesiale populasies en die praktiese toepassing van die modelle deur middel van die ergonomika kontrolelyns;</li> <li>• kennis van die verband tussen werk en psigologiese welstand (i.e. Psigologiese aanpassing), te demonstreeer;</li> <li>• die bepalers en oorsake van werkswanaanpassing en ooreenkomstige implikasies ten opsigte van veiligheid, te ken;</li> <li>• kennis oor die tipes werksdisfunksies en ander werksverwante en organisatoriese wanaanpassings, te demonstreeer;</li> <li>• maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om 'n veilige en gesonde werksomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe verseker; en</li> <li>• kennis rakende die belangrikheid van die bepalings van die Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werksomgewing te ken en te verstaan.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 4 Klastoetse: gewig – 40 2 Klasopdragte: gewig – 10 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: IOPS211</b>	<b>Semester: 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Personeelsielkunde</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Die student behoort in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van die veranderende aard van werk en hoe dit die toepassing van psigologiese beginsels van besluitneming affekteer, te toon;</li> <li>• die verskillende tipes kriteria/standaarde soos van toepassing op besluitneming vir mense by die werk op 'n regverdige en billike wyse, te analiseer en toe te pas;</li> <li>• die kwaliteit en toepaslikheid van verskillende psigologiese voorspellers, te evalueer/assesseer; en</li> <li>• die korrekte probleemoplossingsmetode, soos die ontwikkeling, taksering en motivering van mense by die werk, toe te pas.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 2-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: IOPS221</b>	<b>Semester: 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Loopbaansielkunde</b>		
<b>Module-uitkomste:</b> Die student behoort in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die implikasies van die veranderende organisasie op loopbane te evalueer, deur gebruik te maak van teorieë van loopbaankeuse/-ontwikkeling en berading om loopbaan- verwante probleme op te los;</li> <li>• die verskillende lewens-/loopbaanfases en die metodes wat gebruik kan word om loopbaankwessies te hanteer, te evalueer; en</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>die verskillende effekte van loopbaanervarings op werknemers en alle aspekte van loopbaanbestuursondersteuning, te assesseer.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x Eksamen (90 Min): gewig – 50		
<b>Modulekode: IOPS311</b>	<b>Semester: 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Organisasiesielkunde</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Die student behoort in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te verduidelik;</li> <li>sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groeps- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak;</li> <li>vaardighede te demonstreer om individuele, groeps- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en intervensies te doen of te verwys na ander professionele persone;</li> <li>individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings;</li> <li>die bevoegdheids van 'n organisasie-ontwikkelingskonsultant te verduidelik;</li> <li>veranderinge te diagnoseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed;</li> <li>die bestuur van verandering te verduidelik;</li> <li>vaardighede te gebruik om 'n organisasiediagnose te doen; en</li> <li>elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te verstaan.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 3 Groot toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: IOPS321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Psigometrie en Navorsingsmetodologie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Die student behoort in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>sielkundige meting, sowel as die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan;</li> <li>kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer;</li> <li>verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in 'n gegewe situasie gebruik kan word;</li> <li>die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan;</li> <li>psigologiese protokolle te interpreteer;</li> <li>'n begrip te toon ten opsigte van die aard van navorsing, kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, sowel as die navorsingsproses (i.e. literatuuroorsig, dataversamelingsmetodes, proefnemingstegnieke, hipoteses, navorsingsdoelstellings, betroubaarheid en geldigheid);</li> <li>vaardighede te gebruik om 'n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; en</li> <li>kennis toe te pas van die gebruik van die American Psychological Association (APA) verwysingstegniek.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds		
<b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: 4 Groot geskeduleerde toetse – 60 2 Opdragte: gewig – 40		



<b>Modulekode: BSKT221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Personeelsielkunde</b>		
<b>Module-uitkomst:</b> Na afloop van hierdie module, behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van die veranderende aard van werk en hoe dit die toepassing van psigologiese beginsels van besluitneming affekteer, te toon;</li> <li>• die verskillende tipes kriteria/standaarde soos van toepassing op besluitneming vir mense by die werk op 'n regverdige en billike wyse, te analiseer en toe te pas;</li> <li>• die kwaliteit en toepaslikheid van verskillende psigologiese voorspellers, te evalueer/asseeser; en</li> <li>• die korrekte probleemoplossingsmetode, soos die ontwikkeling, taksering en motivering van mense by die werk, toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: TLS		
Assesseringsmetodes: Formatief: 1 "Semestertoets": gewig – 30 2 Wersopdragte: gewig – 70 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 60		
<b>Modulekode: PSYC121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel:</b> Sosiale en gemeenskapspsigologie		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis van en insig in perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskapspsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van</li> <li>• konsepte en terminologieë te kan demonstree sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelinge haat, ens, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstree vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskapspsigologie op individuele of in groepverband;</li> <li>• gevallestudies, voorbeelde of probleem-situasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate; en</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstree.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 2 uur; 1:1	
<b>Modulekode: PSYC211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel:</b> Ontwikkelingspsigologie		
<b>Module-uitkomst:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;</li> <li>• 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kernterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstree om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrek te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;</li> <li>• inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos; en</li> <li>• 'n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oor-populasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en</li> </ul>		

oontoreikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het, te verkry.		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1:1	
<b>Modulekode: PSYC212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel:</b>	Persoonlikheidspsigologie	
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstree van verskillende, meta-teoretiese werklikheids- en lewensstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en ekosistemiese;</li> <li>• in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels; en</li> <li>• goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1:1	
<b>Modulekode: PSYC221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel:</b>	Positiewe Psigologie	
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gevestigde kennisbasis van: <ol style="list-style-type: none"> <li>a) die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid; en</li> <li>b) Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstree, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;</li> </ol> </li> <li>• die vermoë demonstree om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering; en</li> <li>• jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiwiteit vir onder andere die kollektivistiese en individualistiese waardesisteme.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1:1	

<b>Modulekode: PSYC311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel:</b>	Psigopatologie	
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese verstourings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstree;</li> <li>• 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallestudies;</li> <li>• 'n begrip te toon van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheid-sorg;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstree vir die afhandeling van skriftelike opdragte;</li> <li>• gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; en</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteen en etiese gedragskode te kan demonstree.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1:1	
<b>Modulekode: PSYC321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel:</b>	Basiese hulpverlening en etiese gedrag	
<b>Module-uitkomst:</b>		
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs- en post-traumatische stresvoorigting ) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstree en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleem-situasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallestudies;</li> <li>• gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; en</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteen en etiese gedragskode te kan demonstree met 'n bewustheid van menseregte problematiek.</li> </ul>		
<b>Metode van aflewering:</b>	Voltyds	
<b>Assesseringsmetodes:</b>	Pk 1 x 3 uur; 1:1	

### E.4.3.2 ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR

#### E.4.3.2.1 MODULES

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
LARM111	Inleiding tot Werksplekverhoudinge		12	5
LARM211	Beroepsbestuur		16	6
LARM221	Werkgroepsdinamika		16	6
LARM311	Teorie en Praktyk van Arbeidsverhoudinge		16	7
LARM321	Bestuur van Arbeidsverhoudinge		16	7
LARM322	Konflikbestuur		16	7
HRMA122	Die funksies van Mensehulpbronbestuur		12	5
BSOT221	Beroepsosiologie		16	6
PSDT111	Ontwikkeling van Professionele Vaardighede		12	5

#### E.4.3.2.2 MODULE-UITKOMSTE ARBEIDSVERHOUDINGEBESTUUR

Modulekode: LARM111	Semester 1	NKR-vlak: 5
<b>Titel: 'n Inleiding tot Werksplekverhoudinge</b>		
Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• kennis oor en insig in die terminologie, kernbeginsels en teorieë en agtergrond van Bedryfspsigologie, soos dit in besigheid toegepas word, te toon;</li><li>• 'n fundamentele kennis en insig ten opsigte van die Bedryfsielkunde-studieveld te toon;</li><li>• die rol van die werker en organisasie as deel van die breër gemeenskap te beskryf;</li><li>• 'n begrip te toon ten opsigte van die interverhouding tussen besigheid en die gemeenskap; en</li><li>• die vaardigheid ten opsigte van die versameling van inligting oor die verantwoordelikheid van mense en die gemeenskap te demonstreer.</li></ul>		
Metode van aflewering: <b>Voltyds</b>		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3- uur Eksamen: gewig – 50		
Modulekode: LARM211	Semester 1	NKR-vlak: 6
<b>Titel: Beroepsbestuur</b>		
Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• 'n omvattende kennis van die uitdagings in beroepe, werksmotivering, konflik tussen beroepe en rolteorie te demonstreer;</li><li>• 'n fundamentele kennis oor hoe 'n organisasie struktuur 'n besigheid kan beïnvloed te toon;</li><li>• onbekende probleme verwant aan mobiliteit te analiseer, interpreteer en deur te gee;</li><li>• stratifikasie en die werking van die organisasie op verskillende vlakke te verstaan; en</li></ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>die sosio-demografiese en ekonomiese tendense wat werkswelstand kan beïnvloed te evalueer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Werkgroepdinamika</b>		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>kennis en insig te toon ten opsigte van die terminologie, kernbeginsels en teorieë, sowel as agtergrond van Werkgroepdinamiek, soos dit toegepas word in die werksplek;</li> <li>'n indiepte kennis en begrip te toon van die struktuur, belangrikheid en funksies van verskillende groepe as sub-stelsels in interaksie met die werksplek; en</li> <li>in groepe te werk om probleme aan te spreek en te analiseer in goed-gedefinieerde groepsituasies en om die bevindinge in 'n werksopdrag te rapporteer wat voldoen aan die Labour Relations Management format.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Teorie en praktyk van arbeidsverhoudinge</b>		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>insig in en kennis van arbeidsverhoudingbegrippe, modaliteite van arbeidsverhouding-regulering, tripartitiese verhoudings, industriële demokrasie, deelname en verteenwoordiging, en die ontwikkeling van arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika te demonstree;</li> <li>insig in en kennis te toon ten opsigte van wetgewing, vakbonde, kollektiewe bedinging en hoe dit die werksomgewing beïnvloed;</li> <li>die dinamiek van stakings, redes vir stakings, werkersverteenvoording op ondernemingsvlak deur forums en toekomstige arbeidsverhoudingontwikkeling te ken en te verstaan; en</li> <li>kennis te toon oor hoe om arbeidsverhoudinge effektief in besighede/organisasies te bestuur.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Teorie en praktyk van arbeidsverhoudinge</b>		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>'n gegronde en sistematiese kennis te toon ten opsigte van arbeidsverhoudinge-bestuur;</li> <li>begrip te toon oor die verskeie aspekte van die kontrakwet wat van toepassing is op indiensneming;</li> <li>kennis te toon oor arbeidswetgewing en die toepassing daarvan;</li> <li>die implementering en bestuur van arbeidsverhoudinge in die werksplek te bemeester;</li> <li>die Suid-Afrikaanse meganisme vir die skikking van arbeidsdispute oor te dra en te kritiseer;</li> <li>effektief in groepe te kan funksioneer; en</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• etiese beginsels in arbeidsverhoudinge toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: LARM322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Konfliktbestuur</b>		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van en insig te toon ten opsigte van die terminologie, kernbeginsels en teorieë van Konflikt, soos van toepassing op groepe binne die werksplek;</li> <li>• 'n indiepte kennis en begrip te toon ten opsigte van die belangrikheid van die toepaslike bestuursvaardighede om konflikt in die werksplek te hanteer; en</li> <li>• konflikdeelneemers te evalueer, konflikt in goed-gedefinieerde situasies te adresseer en te analiseer, en om die bevindinge te rapporteer, en om wyses voor te stel om die konflikt op te los/bestuur in 'n opdrag wat voldoen aan die Labour Relations Management format.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Groot geskeduleerde toetse: gewig – 100 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: HRMA122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Die funksies van Mensehulpbron-bestuur</b>		
Module-uitkomst: Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard, waarde en funksies van, sowel as die uitdagings van mensehulpbron-bestuur te ken en verstaan.</li> </ul>		
Metode van aflewering: <b>Voltyds</b>		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 2 Groot toetse: gewig – 70 Summatief: 1 x Eksamen (90 minute): gewig – 50		
<b>Modulekode: BSOT221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Beroepsosiologie</b>		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van organisatoriese dinamika, bestuursintervensies en -meganismes wat deur verskeie beroepe en professies op verskeie organisatoriese vlakke en strukture ervaar word, te vertolk binne 'n kontemporêre werkskonteks.</li> </ul>		
Metode van aflewering: TLS		
Assesseringsmetodes: Formatief: 1 "Semestertoets": gewig – 30 2 Groot toetse: gewig – 70 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: PSDT111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak 5</b>
<b>Titel: Ontwikkeling van Professionele Vaardighede</b>		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module, behoort die student in staat te wees om:		
<p><b>Uitkoms 1:</b> persoonlike eienskappe soos self-bestuur, die aanvaarding van verantwoordelikheid en om gemotiveerd te wees, te demonstreer;</p> <p><b>Uitkoms 2:</b> kennis te dra van en insig te openbaar in die rol wat groepsdinamika speel, groepslidmaatskapsvaardighede te openbaar, 'n groep te kan lei en diversiteit te kan bestuur;</p> <p><b>Uitkoms 3:</b> die vermoë om verandering te kan bestuur, te demonstreer; en</p>		

<b>Uitkoms 4:</b> die vermoë om loopbaanbeplanning te kan doen en om die gekose loopbaan-omgewing te begryp, te demonstreer.
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes: Formatief: Een (1) "semestertoets": gewig – 40 Drie (3) klastoetse/werksopdragte: gewig – 60 Summatief: Een (1) eksamen (3 uur): gewig – 50 (Hierdie is 'n riglyn vir assessering en is onderworpe aan verandering)

#### E.4.4 SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

##### E.4.4.1 BELASTING

##### E.4.4.1.1 MODULES

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
TAXC211	Inleiding tot belasting van maatskappye en BTW	ACC111,121	12	6
TAXC221	Inleiding tot inkomstebelasting van individue en boedelberedding	TAXC211 (40%)	12	6
TAXC371	Belastingtoepassings	ACCC271 en TAXC221 (40%)	32	7
TAXF211	Inleiding tot belasting van maatskappye	ACCF111,121	12	6
TAXF221	Inleiding tot belasting van individue	TAXF211	12	6
TAXF311	Belasting: Belasting van Individue en Ondernemings	ACCF211, 221 of ACCC271 / TAXF/TAXC221	16	7
TAXF321	Belasting: Maatskappybelasting, Trusts en Ander	TAXF311 (40%) TAXC311 (40%)	16	7

##### E.4.4.1.2 MODULE-UITKOMSTE

<b>Modulekode: TAXC211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel:</b> Inleiding tot inkomstebelasting van maatskappye en BTW		
Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die Inkomstebelastingwet en relevante hofsake, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, ten opsigte van maatskappye, te interpreteer en toe te pas;</li> <li>'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, vrygestelde inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste, soos gedefinieer deur die Inkomstebelastingwet, ten opsigte van besigheidsaktiwiteite, te demonstreer;</li> <li>basiese spesifieke aftrekkings en kapitaaltoelae van maatskappye te identifiseer en te bereken;</li> <li>basiese kapitaalwinstbelasting (KWB) volgens die Agtste Bylaag van die Inkomstebelastingwet te bereken;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye te bereken;</li> <li>• basiese administratiewe prosedures ten opsigte van die Inkomstebelastingwet te verskaf; en</li> <li>• basiese Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), soos vereis deur die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, bereken.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXC221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Inleiding tot inkomstebelasting van individue en boedelbereddering</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die Inkomstebelastingwet, hofsake sowel as praktyknotas, soos uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, ten opsigte van individue, te interpreteer en toe te pas;</li> <li>• 'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, vrygestelde inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste, soos gedefinieer deur die Inkomstebelastingwet, te demonstreer;</li> <li>• te motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is ten opsigte van individue, deur te verwys na hofsake;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om die normale inkomstebelasting (insluitend kapitaalwinstbelasting) betaalbaar deur individue op belasbare inkomste van vergoeding, beleggingsinkomste en byvoordele, te bereken;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om werknemersbelasting wat van vergoeding afgetrek moet word, sowel as voorlopige belasting betaalbaar op inkomste anders as vergoeding, te bereken;</li> <li>• deur te verwys na wetgewing, die geskenkbelasting betaalbaar te bereken; en</li> <li>• die belasting- en rekeningkundige hantering van bestorwe en insolvente boedels met verwysing na die Wet op die Administrasie van Boedels nr. 24 van 1936 uit te voer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXC371</b>	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Belastingtoepassings</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Inkomstebelastingwet, hofsake en SAID praktyknotas te kan interpreteer;</li> <li>• Kapitaal en ander toelaes van verskeie entiteite (bv. Maatskappye, BK's, Vennootskappe, Boere) en individue te kan identifiseer en bereken;</li> <li>• Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue en entiteite (bv. Maatskappye, BK's, Vennootskappe, Boere) te kan bereken;</li> <li>• Dividendbelasting te kan bereken;</li> <li>• Belasting op enkelbedrae ontvang te kan bereken;</li> <li>• Die verskeie tipes belasting verskuldig deur individue en maatskappye ingevolge die Vierde Bylae van die Inkomstebelastingwet te kan bereken (bv. voorlopige belasting, werknemersbelasting, ens.);</li> <li>• die Inkomstebelastingwet en SAID praktyknotas te kan interpreteer;</li> <li>• Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), soos vereis deur die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, te bereken en te interpreteer;</li> </ul>		



<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kapitaalwinsbelasting (KWB) volgens die Agtste Bylae van die Inkomstebelastingwet te bereken en toe te pas;</li> <li>• belastingvermyding en die gevolge daarvan, deur middel van hofsake en verwysings na wetgewing, te identifiseer;</li> <li>• boedelbelasting deur middel van hofsake en verwysing na wetgewing, te bereken;</li> <li>• belasting op trusts te bereken, asook die relevante belastingpligtiges en gevalle van belastingvermyding deur middel van Artikels 7 en 25 van die Inkomstebelastingwet, te kan identifiseer; en</li> <li>• gevorderde belastingprobleme en berekeninge te kan oplos.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 4-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXF211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Belasting: Inleiding tot belasting van maatskappye</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die Inkomstebelastingwet en relevante hofsake, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, aangaande maatskappye te interpreteer en toe te pas;</li> <li>• 'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, vrygestelde inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste soos deur die Inkomstebelastingwet gedefinieer, aangaande besigheidsaktiwiteite te demonstreer;</li> <li>• basiese spesifieke aftrekkings en kapitaalverminderinge van maatskappye te identifiseer en te bereken;</li> <li>• basiese kapitaalwinsbelasting (KWB) volgens die Agtste Bylae van die Inkomstebelastingwet te bereken;</li> <li>• die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye te bereken;</li> <li>• basiese administratiewe prosedures ten opsigte van die Inkomstebelastingwet te verskaf; en</li> <li>• basiese Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), soos vereis deur die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, te bereken.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 1 x 2-uur Toetse: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXF221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Belasting: Inleiding tot Inkomstebelasting van individue</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die relevante inkomstebelastingwet, beslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten opsigte van die belasting van individue te interpreteer;</li> <li>• 'n duidelike begrip van die definisie van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste, soos gedefinieer deur die Inkomstebelastingwet, te demonstreer;</li> <li>• 'n duidelike begrip van voordele soos gedefinieer in die Sewende Bylaag, te demonstreer;</li> <li>• Belasbare inkomste afgelei van enkelbedragontvangstes vanaf indiensneming en aftreefondse, te bereken; en</li> <li>• Normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue op belasbare inkomste afgelei vanaf indiensneming en beleggingsinkomste, te bereken.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 1 x 2-uur Toetse: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXF311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Belasting: Belasting van Individue en Ondernemings</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die betrokke Inkomstebelastingwet, hofbeslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer;</li> <li>• kennis te hê van die definisies van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes, byvoordele, enkelbedrae ontvang en belasbare inkomste van individue uit die beoefening van 'n bedryf;</li> <li>• die belasting betaalbaar deur 'n individu te bereken op belasbare inkomste uit boerdery;</li> <li>• belasting betaalbaar op belasbare inkomste van individuele vennote te bereken uit die beoefening van 'n bedryf in vennootskap; en</li> <li>• belasting betaalbaar deur 'n individu te bereken op inkomste uit besoldiging, byvoordele, enkelbedrae, beleggingsinkomste en die beoefening van 'n bedryf.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 1 x 2-uur Toetse: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: TAXF321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Belasting: Maatskappy Belasting, Trusts, BTW, KWB</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die betrokke Inkomstebelastingwet, hofbeslissings en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer;</li> <li>• kennis hê van die definisies van bruto inkomste, aftrekbare uitgawes en belasbare inkomste van maatskappye en trusts;</li> <li>• die belasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te bereken;</li> <li>• skenkingsbelasting en boedelbelasting betaalbaar te bereken;</li> <li>• die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet (BTW) te interpreteer en BTW te bereken; en</li> <li>• die bylaag oor Kapitale Wins Belasting (KWB) te interpreteer en KWB betaalbaar te bereken.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 30 1 x 2-uur Toetse: gewig – 20 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		

## E.4.4.2 BESTUURSREKENINGKUNDE

### E.4.4.2.1 MODULES

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
MACC211	Bestuursrekeningkunde: Kostebegrippe, Elemente en -stelsels	ACCS111, 121 of ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16	6
MACC221	Bestuursrekeningkunde: Kostegedrag en Besluitnemingstegnieke	MACC211 (40%)	16	6
MACC311	Bestuursrekeningkunde: Beplanning en Beheer	MACC211, 221	16	7
FINM221	Finansiële bestuur: Inleiding	ACCC/ACCF121(40%) en WISN112	16	6
FINM321	Finansiële Bestuur: Besluitneming en Waardasies	FINM221	16	7

### E.4.4.2.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: MACC211	Semester 1	NKR-vlak: 6
<b>Titel: Bestuursrekeningkunde: Kostebegrippe, -elemente en -stelsels</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• 'n deeglike kennis en begrip te demonstree van die vak Bestuursrekeningkunde en vertrouwd te wees met die kosteterme en -konsepte wat relevant is vir Bestuursrekeningkunde;</li><li>• 'n goeie kennis en begrip te kan demonstree van hoe om materiaalkoste te hanteer as eerste koste-element en arbeidskoste as tweede koste-element in vervaardigingsondernemings;</li><li>• 'n deeglike kennis en begrip weer te gee van hoe om met bokoste te handel as deel van produkkoste (vervaardigingsbokoste) en as periodekoste (nie-vervaardigingsbokoste);</li><li>• 'n deeglike kennis en begrip van koste en inkomstestate te weerspieël, asook hoe om die netto inkomste vir 'n tydperk te bereken nadat vervaardigingskoste en die koste van die goedere verkoop bereken is;</li><li>• 'n deeglike kennis en begrip te hê om 'n taakkostestelsel vir 'n organisasie te ontwerp en dit toe te pas op die spesifieke organisasie se behoeftes; en</li><li>• 'n deeglike kennis en begrip te demonstree van proseskoste as 'n kostestelsel in organisasies. Jy sal ook gewys word hoe om die koste per produk te bepaal in 'n koste- en produksieverslag deur gebruik te maak van die geweege-gemiddelde metode sowel as die eerste-in-eerste-uit metode waar normale en abnormale verspilling voorkom.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria sal in die begin van die semester by wyse van die werkskema gekommunikeer word.		

<b>Modulekode: MACC21</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Bestuursrekeningkunde: Kostegedrag en besluitnemingstegnieke</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• koste-skatting te kan uitvoer deur middel van die koste vergelyking en 'n inkomstestaat te kan opstel deur gebruik te maak van die bydrae formaat;</li> <li>• die verhouding tussen koste, volume en wins te verstaan en in staat te wees om hierdie verhouding toe te pas in die besluitnemingsproses;</li> <li>• kennis te demonstreer van koste-volume-wins verhoudings by meervoudige produkte en die relevante inligting te oorweeg gedurende die besluitnemingsproses;</li> <li>• tegnies-gemeenskaplike koste na produkte toe te deel, byprodukte rekeningkundig te kan verantwoord en besluite ten opsigte van verdere verwerking te kan neem;</li> <li>• diensdepartemente se koste toe te deel deur gebruik te maak van toepaslike toedelingsbassisse of toedelingsmetodes; en</li> <li>• lineêre programmeringstegnieke vir besluitnemingsdoeleindes in 'n organisasie toe te pas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria sal in die begin van die semester by wyse van die werkskema gekommunikeer word.		
<b>Modulekode: MACC311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Bestuursrekeningkunde: Beplanning en Beheer</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en insig te demonstreer aangaande die etiek van die bestuursrekenmeester in die uitoefening van sy/haar verantwoordelikheid in 'n onderneming;</li> <li>• kennis en insig te demonstreer aangaande die beplanningsproses en om korttermyn- en langtermynbegrotings te kan opstel vir 'n onderneming;</li> <li>• veranderlike begrotings vir verskeie aktiwiteitsvlakke van 'n onderneming te kan opstel en om koste-afwykings te kan ontleed en interpreteer vir beheer-doeleindes;</li> <li>• kennis en insig te demonstreer aangaande standaardkoste as hoeksteen van begrotings en om standaardkoste-afwykings te ontleed en te interpreteer;</li> <li>• kennis en insig te demonstreer met betrekking tot die direkte en absorpsiekoste metodes vir interne en eksterne verslagdoening; en</li> <li>• kennis en insig te demonstreer met betrekking tot segmentele verslagdoening en oordragprysvasstelling.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Assesseringskriteria sal in die begin van die semester by wyse van die werkskema gekommunikeer word.		

<b>Modulekode: FINM221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Finansiële Bestuur: Inleiding</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die rol van Finansiële Bestuur en die Finansiële Bestuurder in 'n organisasie verstaan en die primêre doel van Finansiële Bestuur kan identifiseer;</li> <li>• die konsep "tydwaarde van geld" verstaan en berekeninge kan uitvoer;</li> <li>• die verwantskap tussen risiko en opbrengs verstaan en die risiko en opbrengs van ondernemings kan evalueer gebaseer op die nodige berekeninge;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese rekeningkundige state en konsepte verstaan en 'n evaluasie van finansiële prestasie kan uitvoer met behulp van ontleding van die finansiële state om die huidige finansiële toestand van die onderneming te bepaal;</li> <li>• kennis demonstreer ten opsigte van die eienskappe van die hoofvorme van finansiering wat deur ondernemings gebruik word en die maniere waarop dit aangewend kan word.</li> <li>• 'n basiese kennis demonstreer ten opsigte van die eienskappe van finansiële instrumente en hoe dit deur maatskappye aangewend kan word om te verskans teen risiko;</li> <li>• 'n volledige en sistematiese kennis demonstreer ten opsigte van die faktore wat deur 'n onderneming in ag geneem moet word by die keuse van 'n kapitaalstruktuur;</li> <li>• die vaardighede demonstreer om die koste van die verskillende vorme van finansiering en die geweegde gemiddelde koste van kapitaal van 'n onderneming te bereken; en</li> <li>• die verskillende tegnieke om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer verstaan en kan toepas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds (vanaf 2010 aangebied)		
Assesseringsmetodes: Assesering kriteria sal in die begin van die semester by wyse van die werkskema gekommunikeer word.		
<b>Modulekode: FINM321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Finansiële Bestuur: Besluitneming en Waardasies</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module sal die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• begrip demonstreer ten opsigte van die primêre doel van Finansiële Bestuur en die konsep "tydwaarde van geld" en die vaardighede om "tydwaarde van geld" beginsels toe te pas op praktiese situasies;</li> <li>• begrip demonstreer ten opsigte van die geweegde gemiddelde koste van kapitaal en die vermoë om die geweegde gemiddelde koste van kapitaal van 'n onderneming te bereken;</li> <li>• verskillende tegnieke om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer verstaan en kan toepas;</li> <li>• die vaardighede demonstreer om kapitaalinvesteringsprojekte te evalueer in toestande van inflasie en kapitaalrantsoenering;</li> <li>• kennis demonstreer ten opsigte van die verskillende bronne van finansiering vir kapitaalinvesteringsprojekte en 'n aanbeveling kan maak gebaseer op die verdiskonteerde kontantvloei benadering;</li> <li>• begrip demonstreer ten opsigte van die bestuur van bedryfskapitaal, insluitende die bedryfskapitaalsiklus, bedryfskapitaalbeleid en bedryfskapitaalfinansieringsbeleid;</li> <li>• die vaardighede demonstreer om die bestuur van debiteure en die bestuur van voorraad van maatskappye te evalueer;</li> <li>• die basiese vaardighede demonstreer om 'n maatskappy te waardeer; en</li> <li>• begrip demonstreer ten opsigte van die dividendbeleid van 'n maatskappy.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds (vanaf 2011 aangebied)		
Assesseringsmetodes: Assesering kriteria sal in die begin van die semester by wyse van die werkskema gekommunikeer word.		

### E.4.4.3 FINANSIËLE REKENINGKUNDE

#### E.4.4.3.1 MODULES

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
ACCS111	Finansiële rekeningkunde (Spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels.		16	5
ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state.	ACCS11 (40%)	16	5
ACCF111	Finansiële rekeningkunde: basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening	Wiskunde vlak 3 (40-50%)	16	5
ACCF121	Finansiële rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, en maatskappye	ACCF111 (40%), of ACCC111 (40%)	16	5
ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16	6
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16	6
ACCF311	Finansiële Rekeningkunde: Groepstate	ACCF211, 221 of ACCC211, 221	16	7
ACCF321	Finansiële Rekeningkunde: Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk – Capita selecta	ACCF311 (40%) of ACCC371 (40%)	16	7

#### E.4.4.3.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: ACCS111	Semester 1	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik;</li> <li>• transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken;</li> <li>• 'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; en</li> <li>• elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester.  
 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50

**Modulekode: ACCS121**

**Semester 2**

**NKR-vlak: 5**

**Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Bankrekonsiliasie, elementêre finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state**

Module-uitkomst:

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- transaksies in die kontantontvangste en -betalingsjoernaal aan te teken en 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel;
- die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; en
- finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit van ondernemings.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester.  
 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50

**Modulekode: ACCF111**

**Semester 1**

**NKR-vlak: 5**

**Titel: Finansiële rekeningkunde: basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening**

Module-uitkomst:

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik;
- 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon;
- joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekeninge op te stel;
- bankrekonsiliasies voor te berei;
- versekeringseise ten opsigte van voorraadverliese te bereken; en
- transaksies te boekstaaf en finansiële state vir eenmansake op te stel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester.  
 Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50

<b>Modulekode: ACCF121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Finansiële rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, en maatskappye</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• transaksies te boekstaaf in die rekeningkundige rekords, Ontvangs- en Betalingstaat, Staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) en Staat van finansiële posisie (balansstaat) op te stel vir niehandelndrywende organisasies;</li> <li>• finansiële jaarstate van vennootskappe op te stel;</li> <li>• finansiële jaarstate op te stel volgens die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS); en</li> <li>• 'n duidelike begrip van die verskillende tipes aandele te toon, transaksies ten opsigte van die uitreiking en aflossing van aandele te boekstaaf en elementêre finansiële state van maatskappye op te stel;</li> <li>• 'n staat van kontantvloei te kan voorberei.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester.</p> <p>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p>		
<b>Modulekode: ACCF211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konseptuele Raamwerk;</li> <li>• Internasionale Verslagdoeningstandaard/International Accounting Standard (IAS) 1 Aanbieding van finansiële state;</li> <li>• IAS 7 Staat van kontantvloei;</li> <li>• IAS 16 Eiendom, aanleg en toerusting;</li> <li>• IAS 40 Beleggingseiendom; en</li> <li>• Onvolledige rekords om te skakel in behoorlike finansiële rekords wat gebaseer is die dubbelinskrywingstelsel en om die finansiële jaarstate van die onderneming op te stel deur die inligting wat uit onvolledige rekords verkry is, te rekonstrueer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester.</p> <p>Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p>		
<b>Modulekode: ACCF221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• IAS 2 Voorraad;</li> <li>• IFRS 15 Inkomste van kontrakte met kliënte;</li> <li>• IAS 37 Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates;</li> <li>• IAS 17 Hure; en</li> <li>• Basiese konsolidasie transaksies en verantwoording.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		



Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Module kode: ACCF 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en Inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFRS)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• toepaslike konsolidasie transaksies uit te voer ten opsigte van 'n houermaatskappye en 'n enkele filiaal;</li> <li>• gekonsolideerde finansiële state en aantekeninge daartoe;</li> <li>• sy/haar kennis te demonstree van die missie en doelwitte van die IASB, die reikwydte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), ontwikkelingsprosesse vir IFRS en interpretasies daarvan, beleide en effektiewe datums, formate, en taal ten opsigte van IFRS;</li> <li>• IAS 1 Aanbieding van finansiële state;</li> <li>• IAS 8 Verandering in rekeningkundige ramings, rekeningkundige beleid en regstelling van foute;</li> <li>• IAS 10 Gebeure na die verslagdoeningstydperk;</li> <li>• IAS 12 Inkomstebelasting; en</li> <li>• IAS 37 Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates.</li> </ul>		
Metode van aanbidding: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 4-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Module kode: ACCF 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Finansiële Rekeningkunde: Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFRS)</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module, behoort die student sy/haar kennis te demonstree van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• IFRS 15 Inkomste van kontrakte met kliënte;</li> <li>• IAS 23 Leenkoste;</li> <li>• IAS 16 Eiendom, aanleg en toerusting;</li> <li>• IAS 36 Waardedaling in bates</li> <li>• IAS 38 Ontasbare bates;</li> <li>• IAS 40 Beleggingseiendom;</li> <li>• IAS 17 Hure; en</li> <li>• Basiese finansiële instrumente.</li> </ul>		
Metode van aanbidding: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 4uur Eksamen: gewig – 50		

**E.4.4.4 GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSMODULES****E.4.4.4.1 MODULES**

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
ACCC111	Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening	Wiskunde gr12 vlak 5 (60-69%)	16	5
ACCC121	Rekeningkunde vir verskillende entiteite	ACCC 111 of ACCF 111 (65%)	16	5
ACCC271	Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde en Inleiding tot IFRS en Groepstate	ACCC121 (55%) of ACCF111,121 (65%) en ACCC121 (55%) in die tweede eksamenegleentheid	32	6
ACCC371	Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde (insluitend groepstate) en IFRS	ACCC271 (55%)	32	7

**E.4.4.4.2 MODULE-UITKOMSTE**

Modulekode: ACCC111	Semester 1	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële verslagdoening</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese kennis van die beginsels van die rekeningkundige siklus, insluitend die teboekstelling van transaksies en aansuiwerings, vanaf die brondokumente, in hulpjoernale/hulpgrootboeke en die algemene grootboek van die entiteit te demonstreeer;</li> <li>die rekeningkundige raamwerk en die basiese elemente van finansiële state, insluitend die erkenning en metingskriteria te verstaan;</li> <li>om 'n basiese stel finansiële state, insluitend die basiese openbaarmaking in die aantekeninge, in die korrekte formaat, gebaseer op die inligting vanuit die proefbalans of algemene grootboek, te kan opstel;</li> <li>transaksies aangegaan deur klubs en ander nie-winsgewende organisasies in die hulp- en algemene grootboeke en finansiële state aan te teken; en</li> <li>finansiële state voor te berei wanneer 'n stel onvolledige rekords ontvang word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
Modulekode: ACCC121	Semester 2	NKR-vlak: 5
<b>Titel: Rekeningkunde vir verskillende entiteite</b>		
Module-uitkomste: Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die definisies, erkennings- en metingskriteria van die verskillende elemente van finansiële state sowel as die beginsels van aanbieding van finansiële state in 'n gegewe situasie te</li> </ul>		

<p>kan toepas;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>te kan onderskei tussen verskillende vorme van entiteite, insluitende alleen-eienaars, vennootskappe, maatskappye, en ook transaksies in die rekords van elk van hierdie entiteite te boek te kan stel;</li> <li>inligtingstegnologie effektief te kan gebruik in die te boekstelling van transaksies in die rekords van 'n entiteit; en</li> <li>effektief te kan saamwerk met ander as deel van groep of 'n span.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p>		
<b>Modulekode: ACCC271</b>	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Rekeningkunde: Korporatiewe rekeningkunde en inleiding tot IFRS en Groepstate</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese beginsels van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), asook die interaksie tussen mekaar, te verstaan en interpreteer;</li> <li>'n basiese konsolidasie van 'n houër en een filiaal uit te voer;</li> <li>deur middel van sigblaaie en ander rekeningkundige sagteware berekeninge uit te voer en finansiële state voor te berei; en</li> <li>aktiwiteite te organiseer en te bestuur in 'n verantwoordelike en effektiewe manier.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50</p>		
<b>Modulekode: ACCC371</b>	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Rekeningkunde: Komplekse korporatiewe rekeningkunde (insluitend groepstate) en IFRS</b>		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Na afloop van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n komplekse konsolidasie van 'n moeder en een of meer filiale uit te voer;</li> <li>'n belegging in 'n geassosieerde entiteit of 'n gesamentlike reëling te verantwoord;</li> <li>'n stel finansiële state wat ten volle aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) voldoen opstel, insluitend 'n bespreking van die korrekte rekeningkundige hantering van transaksies en die teboekstelling van transaksies;</li> <li>inligtingstegnologie in die rekeningkunde-/auditprofessie doeltreffend te gebruik;</li> <li>probleme te identifiseer en op te los waar die respons bewys lewer van kritiese en kreatiewe denke; en</li> <li>inligting te versamel, analiseer, organiseer en evalueer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester. Summatief: 1 x 4-uur Eksamen: gewig – 50</p>		

## E.4.4.5 HANDELSREG

### E.4.4.5.1 MODULES

Module-kode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Kr	NKR
MLAW111	Inleiding tot Kontrakte en Besigheidsreg		12	5
MLAW121	Handelsreg: Besigheidsvorme		12	5
MLAW211	Handelsreg: Gevorderde Maatskappyereg	MLAW 121	12	6

### E.4.4.5.2 MODULEUITKOMSTE

<b>Modulekode: MLAW111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Kontrakte- en Besigheidsreg</b>		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• die algemene beginsels van die kontraktereg sowel as die besigheidsreg te demonstreeer;</li><li>• die beginsels in 'n eenvoudige gevallestudie toe te pas en 'n aanbeveling te maak;</li><li>• basiese regsprobleme te identifiseer en op te los;</li><li>• logies en sistematies 'n regspunt te formuleer en te argumenteer; en</li><li>• insig te toon in verskillende aspekte van die Kontraktereg en Besigheidsreg.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: MLAW121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Handelsreg: Besigheidsvorme</b>		
Module-uitkomste: Studente moet by die voltooiing van die module in staat wees om: teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die verskillende besigheidsvorme te toon deur: <ul style="list-style-type: none"><li>• voldoende kennis en insig in die reg aangaande vennootskappe, en sekere aspekte van die maatskappyereg te demonstreeer;</li><li>• gevallestudies te analiseer en regsadvies voor te stel;</li><li>• die toepaslike regsreëls en -norme van toepassing by die verskillende besigheidsvorme by die stigting daarvan, lidmaatskapsvereistes, interne en eksterne verhoudinge te kan toepas; en</li><li>• die reëls in die praktyk te kan toepas.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatief: Sal skriftelik aan studente gekommunikeer word aan die begin van die semester Summatief: 1 x 3-uur Eksamen: gewig – 50		
<b>Modulekode: MLAW211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Handelsreg: Gevorderde maatskappyereg</b>		
Module-uitkomste:		

